O 46

HUMANITAS
RGN • HSRC

# skoolvoorligting in nederland

001.3072068 HSRC O 46

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC O 46 | 37513/6 |

*RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944 Telegramme: RAGEN

**President**: Dr. A.L. Kotzee
**Vise-presidente**: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy
**Sekretaris**: Mej. K.M. Henshall

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
dkundige Navorsing
riese Navorsing
, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
vorsing
Kuns

koördineer navorsing op die gebied
Regering en ander instansies van
rsingsbevindinge en versprei
ppe.

37513

HUMANITAS
RGN • HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

11 AUG 1978

20 OCT 1978

0000552554

2844363866

001.3072068 HSRC O 46

HSRC

STANDKODE

001.3072068 HSRC

046

375136

G

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

# *SKOOLVOORLIGTING IN NEDERLAND*

*J.H. Beukes, B.A., M.Ed.*

*INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING*

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

*PRETORIA*
1976

Verslag nr. ***O-46***

Slegs in Afrikaans verkrygbaar
Kopiereg voorbehou

Prys: R1,70

ISBN 0 86965 343 1

# V O O R W O O R D

In die verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skool-vlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n ge= integreerde diens van die onderwysstelsel vir die RSA en vir SWA, is sekere basiese riglyne neergelê vir 'n opvoedkundig ver= antwoordbare stelsel van skoolvoorligting. Die aanbevelings wat in die betrokke gedeelte van die verslag opgeneem is, is die gevolg van uitgebreide navorsing oor die destyds gangbare prak= tyke van skoolvoorligting in die RSA, SWA en enkele oorsese lande. Die voorgestelde skoolvoorligtingstelsel was bedoel om as geïn= tegreerde hulpdiens van die onderwysstelsel daadwerklik by te dra tot die doeltreffende implementering van die voorgestelde stelsel van gedifferensieerde onderwys vir die RSA en vir SWA. Die inisiatief is aan die verskillende onderwysdepartemente oor= gelaat om op grond van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967, en binne hierdie voorgestelde breë raamwerk 'n eie voorligtingstelsel uit te werk en te implementeer.

Dit is egter belangrik dat daar voortdurend navorsing gedoen word om kennis te neem van nuwe ontwikkelinge wat op die gebied van skoolvoorligting in ander lande ingetree het. Sodoende word voortdurend nuwe insigte na vore gebring wat daartoe kan bydra dat 'n meer verantwoordbare en terselfdertyd 'n meer doeltreffende skoolvoorligtingspraktyk in die RSA tot stand gebring kan word. Die inisiatief tot sodanige navorsing het uitgegaan van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing omrede hierdie Instituut van meet af aan gemoeid was met die formulering van die nasionale skoolvoorligtingstelsel waarna reeds verwys is.

Wat die onderhawige verslag betref, dien dit vermeld te word dat die voorligtingsdienste in Nederland op enkele uitsonderings na die werkterrein van nie-onderwysinstansies is. Daar is nietemin gepoog om aan te dui in welke mate die verskillende voorligtings= dienste met die onderwys skakel en derhalwe is in hierdie ver= slag ook kortliks 'n bespreking van die Nederlandse onderwysstel= sel gegee.

Wat die voorligtingsdienste self betref, is aangedui in welke mate elk van die verskillende bestaande dienste in Nederland voorsiening maak vir <u>onderwys-, persoonstruktuur- en beroeps= voorligting</u>. In sommige gevalle het die beskikbare literatuur en ander inligtingsbronne egter nie genoeg inligting bevat om 'n volledige beeld te kan gee nie.

Die verslag oor skoolvoorligting in Nederland maak egter slegs deel uit van 'n omvattende projek oor skoolvoorligting in verskillende oorsese lande en in die RSA. Die doel is om eventueel die verskillende stelsels wat beskryf is met mekaar te vergelyk. Met die oog hierop is die voorligtingsdienste in Nederland, soos ook die voorligtingsdienste in die ander lande wat by die ondersoek betrek is, beskryf aan die hand van die doel met skoolvoorligting, die beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsdienste, die opleiding van personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdienste, en die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

Ek vertrou dat hierdie verslag vir onderwysdepartemente, doserende personeel aan tersiêre onderwysinrigtings, skoolvoorligters aan skole, personeel van skoolvoorligtingsdienste en studente van waarde sal wees, en wel in dié sin dat hierdie verslag die belangrikheid van skoolvoorligting sal beklemtoon.

WAARNEMENDE PRESIDENT

## DANKBETUIGING

'n Woord van dank en waardering word uitgespreek teenoor prof. G.J. Jordaan, Kulturele Attaché, Suid-Afrikaanse Ambassade, Den Haag, Nederland, asook aan R.O. Ravenswaay, Bureau Congressen van de Afdeling Kabinetszaken, Ministerie van Onderwijs en Weten= schappen, 's-Gravenhage, Nederland, vir die reëlings wat vir die Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die RGN getref is, om deskundiges op die gebied van skoolvoorligting te besoek en samesprekings te voer.

Aan die volgende persone word 'n besondere woord van dank gerig vir hulle bereidwilligheid om samesprekings te voer, publikasies beskikbaar te stel en vraelyste in te vul:

DRS. D. DE VRIES, Wetenschappelijk Medewerker, Pedagogisch Di= dactish Instituut van de Lerarenopleiding, Rijks Universiteit, UTRECHT.

DRS. M.J. ROOD, Voorsitter van de NederlandseVereniging van Schooldekanen, Secretaris van de Ministerie Commissie Schoolde= kanaat, Bureau Commissie Leerplan, 's-HERTOGENBOSCH.

DRS. A.W.G. VENDEL, Hoofd van de Afdeling Beroepenstudie en Be= roepenvoorlichting, Ministerie van Sociale Zaken, RIJSWIJK (ZH).

DE HEER J.E. HUMMELEN, Directeur van het Museum van het Onder= wijs, 's-GRAVENHAGE.

DE HEER L.M. UILENBROEK, Directeur Arbeidsbureau, TERNEUSEN.

DE HEER VERBRUGGE, Arbeidsbureau, TERNEUSEN.

DE HEER WILLAARD, Arbeidsbureau, TERNEUSEN.

DE HEER A. PRINSEN, Voorlichting, Ministerie van Sociale Zaken, DEN HAAG.

Die hulp wat hierdie persone verleen het om 'n beeld van Nederland se onderwys- en skoolvoorligtingstelsel te verkry, het dit moont= lik gemaak om hierdie verslag saam te stel.

J.B. HAASBROEK
Direkteur: Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
P R E T O R I A

# INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| SUMMARY/OPSOMMING | | iii |
| HOOFSTUK | | |
| 1 | PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN METODE VAN ONDER= SOEK | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Doel met die navorsing | 2 |
| 1.3 | Metodologiese verantwoording | 2 |
| 1.4 | Inhoud van verslag | 3 |
| 2 | DIE NEDERLANDSE ONDERWYSSTELSEL | 4 |
| 2.1 | Inleidende opmerkinge | 4 |
| 2.2 | Die Nederlandse onderwysbeleid | 6 |
| 2.3 | Die Nederlandse onderwysstruktuur | 13 |
| 2.4 | Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwys | 19 |
| 2.5 | Vormingsinstitute | 20 |
| 2.6 | Skoolgemeenskappe | 20 |
| 2.7 | Leerlingwezen | 21 |
| 2.8 | Buitengewone onderwys | 21 |
| 3 | VOORLIGTING IN NEDERLAND | 22 |
| 3.1 | Oriëntasie | 22 |
| 3.2 | Verskillende voorligtingsdienste in Nederland | 22 |
| 3.3 | Voorligting vanuit die onderwys | 45 |

HOOFSTUK BLADSY

3.4 Skoolbegeleidingsdienste 55

3.5 Privaat psigologiese institute 56

3.6 Perspektief 56

4 SAMEVATTING 57

4.1 Inleiding 57

4.2 Die doelstellings met skoolvoorligting 58

4.3 Die beheer en organisasie van skoolvoorligtings=
dienste 62

4.4 Die opleiding van personeel verbonde aan skool=
voorligtingsdienste 63

4.5 Die aard en inhoud van die skoolvoorligtings=
programme 64

4.6 Slotopmerking 64

LITERATUURLYS 65

TABELLE

2.1 Verdeling (persentasie) van skole in
Nederland in openbare en privaat skole soos
in 1970 7

3.1 Beroepsvoorligtingsaktiwiteite van
Arbeidsburo's gedurende 1971 40

# S U M M A R Y

The aim of this report was to investigate the extent to which the Netherlands guidance systems make provision for person structure guidance, educational guidance and vocational guidance. It was not the intention to scrutinise the effectiveness or validity of the particular practice as such, but only to study the various methods according to which the aims of the three above-mentioned guidance elements are realized, and to discuss them in the final chapter by way of a synopsis. In order to accomplish this it was necessary, in the first place, to describe the system of education in the Netherlands, in wich reference was made to policy as well as structure. The guidance system(s) in the Netherlands which serve school-going young people should after all, in one way or another, take the educational policy and structure into consideration. As far as the system of education itself is concerned, only the basic structure was described without going into the matter in detail. The aim of this chapter was merely to indicate the extent to which the need for guidance is apparent within the educational context and furthermore, the degree in which existing educational practice, is able to satisfy its requirements.

However, the central theme of the study dealt with the existing guidance services in the Netherlands. In this regard, the guidance services within the educational context as well as those outside education were subjected to close scrutiny. In the description thereof, attention was devoted, as far as possible, to the aims of school guidance, its control and organization, the personnel attached to the various guidance services and the nature and content of their programmes.

In the chapter which serves as a synopsis, it is the intention to arrive at an eventual discussion of the aims, control and organization, the staff position and the nature and content of the various programmes and to determine the extent to which each of the above-mentioned services does in fact make provision for person structure, educational and vocational guidance in respect of the matters mentioned above. This final chapter will eventually serve as a link after all the particulars of the systems which have been described in the above-mentioned manner, have been condensed in order to provide a basis upon which new insights will be sought for a school guidance practice in the RSA.

# O P S O M M I N G

Die doelstelling met hierdie verslag was om ondersoek in te stel na die mate waarin die Nederlandse voorligtingstelsels voorsiening maak vir persoonstruktuurvoorligting, onderwysvoorligting en beroepsvoorligting. Die bedoeling was nie om die doeltreffend= heid of geldigheid van die besondere praktyk as sodanig onder die soeklig te plaas nie, maar slegs om na die verskillende realiseringswyses van genoemde drie voorligtingselemente te soek en dit by wyse van 'n samevatting in die laaste hoofstuk aan die orde te stel. Om daarby te kon uitkom, was dit allereers nodig om die Nederlandse onderwysstelsel te beskyf waarin sowel na beleid as struktuur verwys is. Die voorligtingstelsel(s) in Nederland wat die skoolgaande jeugdiges bedien, moet immers op een of ander wyse met die onderwysbeleid en -struktuur rekening hou. Vir sover dit die onderwysstelsel as sodanig betref, is slegs die basiese struktuur beskryf sonder om op fyner besonderhede in te gaan. Die doel met hierdie hoofstuk was slegs om aan te dui in hoeverre daar binne die onderwys 'n behoefte aan voorligting is en voorts in hoeverre die bestaande onderwyspraktyk self in sy behoeftes voorsien.

Die sentrale tema van die studie was egter die bestaande voor= ligtingsdienste in Nederland. In dié verband het die soeklig geval op sowel die voorligtingsdienste binne die onderwys as dié buite die onderwys. In die beskrywing daarvan is vir sover moontlik aandag gegee aan die doelstellings met skoolvoorligting, die beheer en organisasie daarvan, die personeel verbonde aan die verskillende voorligtingsdienste en die aard en inhoud van hul programme.

In die samevattende hoofstuk is die bedoeling om die doelstel= lings, die beheer en organisasie, die personeelposisie en die aard en inhoud van voorligtingsprogramme van die verskillende dienste uiteindelik saam te trek en te bepaal in hoeverre elke genoemde diens ten opsigte van die sake hierbo genoem wel voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroeps= voorligting. Hierdie laaste hoofstuk sal uiteindelik as aan= sluitingspunt dien wanneer al die besonderhede omtrent die stel= sels wat op bogenoemde wyse beskryf is, saamgetrek word om as 'n basis te dien waaruit na nuwe insigte vir 'n skoolvoorligting= praktyk vir die RSA gesoek sal word.

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING, DOEL MET EN METODE VAN ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Hierdie studie maak slegs deel uit van 'n omvattende ondersoek na die skoolvoorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en 11 oorsese lande waaronder Skotland, Wes-Duitsland, België, die provinsie Ontario van Kanada, Oostenryk, Switserland: Kanton Zürich en Genève, Nederland, Denemarke en Swede, die VSA en Frankryk. In die onderhawige verslag gaan dit slegs om die voorligtingsdienste in Nederland wat in same=hang met die Nederlandse onderwysstelsel beskryf sal word.

In hooftrekke gaan dit in die breë navorsingsprogram om 'n on=dersoek na die huidige stand van skoolvoorligting in die RSA, SWA en elf oorsese lande. Vir sover dit die RSA en SWA betref, gaan dit benewens die feitelike situasie ook nog om 'n doelbe=wuste soeke na bepaalde leemtes in die praktyk. By die oorsese stelsels word die beskrywing slegs tot die feitelike situasie beperk. Hierdie projek insake skoolvoorligting in Nederland is 'n sistematiese beskrywing van die stelsel of stelsels wat in Nederland vir die huidige in werking is. Die bedoeling is nie om die verantwoordbaarheid of die doeltreffendheid van die be=trokke stelsel(s) te beoordeel nie, maar om die situasie so vol=ledig moontlik te beskryf volgens die inligting wat daaroor be=skikbaar is. Dit sal egter nie in alle gevalle moontlik wees om die volledige beeld weer te gee nie omrede die beskikbare bronne nie volledig oor alle aspekte handel nie. In die lig hiervan sou dit ook nie geregverdig kan word om die verskillende stelsels na hulle verantwoordbaarheid en doeltreffendheid te beoordeel nie.

Dit is belangrik dat vir die ondersoek van die verskillende lande se stelsels 'n vergelykende basis van beskrywing sal geld, ten spyte van die diversiteit in stelsels. Hierdie basis moet as riglyn dien aan die hand waarvan die verskillende lande se stelsels beskryf kan word. Die benadering wat deurgaans van toepassing sal wees, is om vas te stel in welke mate elke stelsel voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoor=ligting en alles wat daarmee saamhang aan skoolgaande jeugdiges.

## 1.2 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met die totale navorsingsprogram is nie in die eerste plek daarop gemik om 'n radikale wysiging in die reeds voorge= stelde stelsel of 'n totaal nuwe praktyk vir die RSA voor te skryf nie. Sou dit wel die uitkoms wees, moet dit hoofsaaklik toegeskryf word aan talryke nuwe insigte wat uit hierdie navorsing gespruit het. Die doel met die omvattende navorsingsprojek het twee aspekte wat ter wille van 'n duidelike sisteem in die navorsingsprogram in twee fases afgehandel sal word.

1. In die eerste plek word ondersoek ingestel na die huidige stand van sake vir sover dit skoolvoorligting in die RSA, SWA en elf oorsese lande betref. Vir sover dit die oorsese stelsels betref, is die bedoeling om slegs 'n feitelike beskrywing aan te bied sonder om enigermate die betrokke stelsels kwalitatief te beoordeel. Wat die RSA en SWA betref, geld dieselfde benadering, behalwe dat dit ook 'n doelgerigte soeke na bepaalde leemtes in die gangbare praktyke impliseer met die doel om dit te bepaal, te be= skryf en te evalueer.

2. Die navorsingsbevindinge uit die eerste fase kulmineer eventueel op tweërlei wyse in die tweede en hoofdoelstel= ling. Eerstens sal dit 'n poging wees om die leemtes wat in die gangbare skoolvoorligtingspraktyke van die onderwysde= partemente in die RSA en in SWA aan te wys is, aan te vul met die nuwe insigte wat na vore getree het tydens die eerste fase van die ondersoek. Terselfdertyd word die moontlikheid geskep om 'n herwaardering en moontlik selfs 'n herformulering van sekere aspekte van die reeds voor= gestelde stelsel te maak.

## 1.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Hierdie deel van die navorsingsprojek is onderneem aan die hand van vraelysgegewens wat van voorligtingsinstansies in Nederland ingewin is, asook aan die hand van onderhoude wat die Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing tydens sy buite= landse studiereis met amptenare belas met voorligting in Neder= land gevoer het. Dit is aangevul uit inligtingstukke wat deur verskillende voorligtingsinstansies aan die Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing beskikbaar gestel is.

Wat die beplanning vir die beskrywing van die afsonderlike stel= sels betref, is deeglik rekening gehou met sekere praktiese pro=

bleme waarna reeds verwys is. Vanweë die diversiteit van die verskillende stelsels wat beskryf word en op grond van die ontoe=reikendheid van inligtingstukke in sommige gevalle, is dit nie altyd moontlik om die beskrywings van die stelsels kategories met mekaar in ooreenstemming te bring nie. Wat die beskrywing van elke afsonderlike stelsel betref, word nie 'n rigiede struk=tuur gehandhaaf nie, maar opsommenderwys is dit noodsaaklik dat elke ondersoek afgesluit word met 'n hoofstuk wat om bepaalde redes struktureel dieselfde vir almal sal wees. Hierin word op 'n streng sistematiese wyse aangetoon in welke mate elke betrokke land se voorligtingstelsel ten aansien van bepaalde aspekte voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Hierdie bepaalde aspekte sluit in:

a. Die doel met skoolvoorligting.

b. Beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsprogram.

c. Die opleiding van personeel verbonde aan die skoolvoor=ligtingsdiens.

d. Die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

Voorligtingsdienste wat hulle ten doel stel om skoolgaande kinders behulpsaam te wees ten aansien van sake wat in 'n mindere of meerdere mate met hul skoolloopbaan verband hou, moet nood=wendig op een of ander wyse skakeling met die onderwys as sodanig hê. Om die juiste plek en waarde van hierdie dienste te bepaal, is dit dus nodig om ook 'n kort beskrywing te gee van die onderwysbeleid en -stelsel waarbinne hierdie dienste funk=sioneer. Dit gaan per slot van sake in hierdie ondersoek om dienste wat as skoolvoorligtingsdienste kwalifiseer, juis om=dat hulle hul met skoolgaande jeugdiges bemoei.

## 1.4 INHOUD VAN DIE VERSLAG

Die Nederlandse onderwysstelsel word in breë trekke in hoof=stuk 2 bespreek, terwyl hoofstuk 3 gewy word aan 'n bespreking van die verskillende voorligtingsdienste. In hoofstuk 4 word veral aandag geskenk aan doelstellings met skoolvoorligting, die beheer en organisasie van skoolvoorligting, die opleiding van skoolvoorligters en die aard en inhoud van skoolvoorligtings=programme.

# HOOFSTUK 2

# DIE NEDERLANDSE ONDERWYSSTELSEL

## 2.1 INLEIDENDE OPMERKINGE

Dat die onderwys in Nederland nie staties gebly het nie, kan baie duidelik uit die geskiedenis daarvan afgelei word. Of= skoon die skoolwese in Nederland reeds gedurende die negentien= de eeu tot 'n min of meer geïnstitusionaliseerde sisteem ge= groei het, het daar weer van tyd tot tyd radikale veranderinge gekom (12, p. 1). Dit is opvallend dat hierdie veranderinge gewoonlik saamgeval het met veranderinge wat op maatskaplike vlak ingetree het. Trouens, die uitgangspunt in Nederland is dat die onderwys "een passend antwoord moeten geven op de be= hoefte en de eisen die de maatschappij stelt" (11, p. 8). Die bedoeling is nie om in hierdie studie 'n volledige beskrywing van ontwikkelinge in die onderwys te gee nie, maar slegs op die belangrikste te wys wat in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die huidige toedrag van sake gehad het en in sommige gevalle nog het.

Die opmerking is reeds gemaak dat gedurende die negentiende eeu die Nederlandse skoolwese reeds sy beslag gekry het in die vorm van klassikale onderwys. Die tydperk wat hierop gevolg het, is gekenmerk deur verdere uitbouing van die stelsel, maar dit was eintlik eers na die Eerste Wêreldoorlog dat die benoefte aan daadwerklike onderwysvernuwing in groter mate begin voel is (12, p. 1). Die merkwaardige is dat die ontstaan en aanvanklike ontwikkeling van die onderwys in Nederland spontaan gekom het en nie deur die Pedagogiek as wetenskap geïnspireer of gekana= liseer is nie. Die veranderinge wat na die Eerste Wêreldoorlog begin intree het, was die eerste definitiewe gevolge van peda= gogiese teorieë en insigte wat egter hoofsaaklik van buitelandse, veral Amerikaanse, oorsprong was (12, p. 2). Van hierdie buite= landse opvoedingstelsels het dié van Maria Montessori heel waarskynlik die meeste invloed gehad op die Nederlandse skool= wese. In werklikheid het daar egter nooit meer as ongeveer 70 Montessori-skole, hoofsaaklik kleuter- en laerskole, in Nederland tot stand gekom nie (12, p. 2).

'n Ander vernuwingsgedagte wat reeds voor 1940 dateer, was dié van die Daltonskole (taakskole). Enkele van dié tipe skole wat ook suiwer op Amerikaanse lees geskoei was, het tot stand gekom, maar in die meeste gevalle is daar nooit verder gekom

as om die Daltonsisteem in reeds bestaande skole in te voer nie (12, p. 3). In die geheel gesien het nie een van genoemde ver=nuwingsgedagtes radikale invloed op die Nederlandse onderwys=stelsel uitgeoefen nie.

Die tradisionele klassikale onderwys het tot laat in die veer=tigerjare nog genoeg byval by onderwysowerhede en die publiek gevind.

Na 1945 is pogings tot onderwysvernuwing baie meer sistematies aangepak. Dit is interessant om daarop te let dat van die ver=nuwing wat gedurende hierdie tyd ingetree het, baie elemente van vorige vernuwingsgedagtes bevat het. Die Montessori-stelsel het byvoorbeeld reeds voorsiening gemaak vir die kontinue voort=setting van kleuter- na basisonderwys (primêre onderwys) en van=daar na algemene voortgesette onderwys (sekondêre onderwys). Die stelsel wat na 1945 in werking getree het, het hierdie elemente behou, maar terselfdertyd probeer wegbreek van die starre klassikale stelsel na 'n meer individuele benaderings=wyse. Die leerstofaanbieding in die skole is van toe af meer afgestem op die behoeftes van individuele leerlinge, op self=aktiwiteite en op die wek van belangstelling (12, p. 2).

Die grootste enkele verandering wat in die Nederlandse skool=wese ingetree het, was ongetwyfeld die gevolg van die Mammoet=wet van 1968. Hierdie wet, wat op 1 Augustus 1968 in werking getree het, was bedoel om vernuwing teweeg te bring vir alle vorme van sekondêre of voortgesette onderwys. Die kerngedagte daaragter was om die "starre indeling in vakjes" te deurbreek ten gunste van "soepeler doorstromingsmogelijkheden tussen de diverse schoolsoorten" (22, p. 48). Dit het voorts meegebring dat individuele leerlinge meer vryheid ten aansien van keuse=moontlikhede kon kry. Dit was trouens ook hierdie wet wat op 'n indirekte wyse nuwe momentum aan voorligting in Nederland begin gee het, want die nuwe onderwysstruktuur het "de behoefte aan beroepen- en studievoorlichting (heeft) doen toenemen" (22, p. 48). Die gewysigde struktuur het ongetwyfeld die groter gekompliseerdheid van die beroepswêreld benadruk en skool- en beroepskeusevoorligting onontbeerlik gemaak.

Die onderwysstelsel wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word, is dan ook die stelsel wat die direkte gevolg van die Mammoet=wet is. Dat hierdie wet nog baie probleme oplewer vir sover dit die implementering asook die doeltreffendheid daarvan betref, word deur verskillende instansies begryp, daarom is daar ook nog nie eintlik sprake daarvan dat die Nederlandse onderwys finaal gestabiliseer is nie (22, p. 48).

## 2.2 DIE NEDERLANDSE ONDERWYSBELEID

### 2.2.1 Vryheid van onderwys

Van fundamentele betekenis vir die Nederlandse onderwysbeleid is die bepalings van die Grondwet van 1848, waarin onder andere die vryheid van onderwys in Nederland gewaarborg is (11, p. 9). Dit het kortliks daarop neergekom dat die oprigting van skole nie langer gebonde was aan die goedkeuring van die Staat nie. Ouers kon op eie inisiatief skole oprig maar moes self die finansiële las daarvan dra. Hierdie bepaling het baie ontevredenheid uit=gelok en ofskoon dit vir baie jare lank in die politiek 'n bran=dende kwessie was, het daar eers in 1917 'n einde aan gekom deur 'n wysiging in die Grondwet. Voortaan sou Vryheid van Onderwys ook 'n materiële grondslag hê deurdat besondere (privaat) sowel as openbare skole (slegs primêre skole) finansiële gelyk=beregtiging by die Staat geniet.

Tans het die situasie reeds so ver ontwikkel dat daar van "vol=kome vryheid van onderwys" (11, p. 10) sprake is. Dieselfde norme geld byvoorbeeld vir privaat en openbare skole omdat die wetlike voorskrifte vir openbare onderwys terselfdertyd die voorwaardes is vir subsidiedoeleindes aan privaat skole. Daar bestaan verder geen verskil tussen die standaard van onderwys aan hierdie twee tipes skole nie.

In Nederland is dit algemene beleid dat kleuter- en primêre skole, asook skole vir buitengewone onderwys gebaseer is op die lewens- en wêreldbeskouing van die bepaalde gemeenskap waarbinne die skool geleë is. Sekondêre skole daarenteen, wat in die reël staatskole is, is egter meer algemeen van aard en is nie so direk gekoppel aan die lewens- en wêreldbeskouing van 'n bepaal=de gemeenskap nie. Daar is wel privaat sekondêre skole, maar hulle is in verhouding nie soveel as primêre skole nie.
Tabel 2.1 (11, p. 10) gee 'n oorsig oor die verdeling (persen=tasies) van skole in openbare en privaat skole soos die toe=stand in 1970 was.

Uit hierdie tabel blyk duidelik dat daar 'n besonder hoë premie op die vryheid van die onderwys gestel word. Trouens, die verhouding van staatsuitgawes tussen openbare en privaat skole is 35: 65, wat 'n goeie aanduiding is van die omvang van privaat=onderwys in Nederland.

TABEL 2.1

VERDELING (PERSENTASIE) VAN SKOLE IN NEDERLAND IN OPENBARE EN PRIVAAT SKOLE SOOS IN 1970

| Tipe skool | Rijkskole Openbaar | Privaat skole | | Ander |
|---|---|---|---|---|
| | | Rooms Katoliek | Protestants-Christelik | |
| Kleuterskole | 23 | 44 | 27 | 6 |
| Primêre skole (basisonderwys) | 27 | 44 | 27 | 2 |
| Buitengewone skole | 28 | 42 | 22 | 8 |
| Sekondêre skole (Algemene voort=gesette onderwys) | 29 | 40 | 27 | 4 |
| Beroepskole | 12 | 32 | 17 | 39 |
| Tersiêre onderwys (wetenskaplike onderwys) | 73 | 13 | 9 | 5 |

### 2.2.2 Skoolplig

Skoolbywoning in Nederland is verpligtend vir 'n minimum tydperk van 9 jaar van die ouderdom van 6 jaar af tot en met ongeveer 15 jaar (18, p. 2). Die leerpligwet van 1969 is 'n hersiening van die wet van 1958 wat die minimum tydperk van verpligte skoolbywoning nog op 8 jaar gestel het. Onderliggend aan hier=die wysiging het weer eens die veranderde maatskaplike eise gelê. "De duur van de leerplicht is niet een onafhanklijke grootheid, die willekeurig kon worden vasgesteld. In het alge=meen is de duur van de leerplicht een weerspiegeling van de maatschappelijke opvattingen, die in een bepaalde ontwikkelings=fase omtrent het nut van het onderwijs gangbaar zijn" (11, p. 15).

Die leerplig begin op 1 Augustus van die jaar waarin 'n kind die leeftyd van ongeveer 6 jaar en 8 maande bereik het, om saam

te val met die administratiewe skooljaar wat op dieselfde datum begin. Die leerplig eindig aan die einde van die skooljaar na afloop waarvan die leerling ten minste die leeftyd van 15 jaar bereik het. Daar word egter voorsiening gemaak vir gevalle waar die leerplig nie van toepassing is nie (11, p. 16). Dit is:

(1) Die kind is liggaamlik en/of psigologies nie geskik vir onderwys nie.

(2) Die ouers het prinsipiële besware teen die tipe skool wat binne redelike afstand van hul woning geleë is en waarin die kind geplaas moet word.

(3) Die kind is ingeskrewe by 'n onderwysinrigting buite Neder= land en besoek hierdie inrigting gereeld.

Die toegewing onder (2) hierbo genoem is miskien die mees tipe= rende van die mate van vryheid van onderwys wat in die land geld.

Daar bestaan basies twee vorme van verpligte onderwys, te wete "volledig dagonderwijs" en "partiële of gedeeltelijke leerplicht" (18). Volledige dagonderwys word beskou as "volledig leerplicht", dit wil sê 'n wetlike plig om vir ten minste 9 jaar lank volle= dige dagonderwys te ontvang. Dit neem in die reël nie langer as ses jaar om die primêre of basisskool te deurloop nie. Dit beteken dat 'n leerling verplig is om vir 'n verdere drie jaar volledige dagonderwys aan 'n sekondêre skool te ontvang. Dit kan hy doen deur byvoorbeeld na 'n skool vir laer beroepsonder= wys (LBO), laer algemene voortgesette onderwys (LAVO), mid= delbare algemene voortgesette onderwys (MAVO) of selfs hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO), 'n Atheneum of Gim= nasium, te gaan.

Sedert 1 Augustus 1972 geld, aansluitend by die negejarige volledige leerplig, 'n gedeeltelike leerplig van 2 jaar (18). Dit beteken dat 'n leerling na voltooiing van sy negejarige volledige dagonderwys, verplig is om vir 'n verdere twee jaar gedeeltelike onderwys te ontvang. Vir die eerste jaar daarvan ontvang hy twee dae per week onderrig aan 'n onderwys- of ander vormingsinstituut terwyl hy in die tweede jaar nodig het om slegs een dag per week 'n onderwys of vormingsinstituut by te woon. Sou 'n leerling egter vir 'n tydperk van 11 jaar vol= ledige dagonderwys ontvang, word hy na afloop daarvan van enige verdere leerplig vrygestel.

Ten spyte daarvan dat daar in Nederland 9 jaar volledige en 'n verdere twee jaar gedeeltelike leerplig bestaan, is die bywoning van leerlinge van skole vir sekondêre en tersiêre onderwys ontstellend laag. In die skooljaar 1968/1969 het 78% van alle vyftienjariges in Nederland nog volledige dagonderwys ontvang, terwyl 62% van die sestienjariges, 46% van die sewentienjariges en slegs 32% van die agtienjariges volledige onderwys ontvang het (11, p. 12).

### 2.2.3 Die onderwysbeleid en die arbeidsbestel

In Nederland is die onderwys gerig op die voorbereiding van leerlinge vir hulle intrede in die maatskaplike lewe en dit hang op sy beurt met baie ander faktore saam. Die posisie is tans so dat die omvang van die arbeidsmark vinnig toeneem, want talle nuwe beroepe en funksies kom tot stand, terwyl bestaande beroepe en funksies in betekenis afneem of verdwyn. Die onder= wys gaan in die lig hiervan nie net uit van die standpunt van oordrag van kennis en die bybring van vakvaardigheid nie, maar ook van die standpunt dat daar aandag gegee moet word aan mens= like verhoudinge in die arbeid (11, p. 20). Ten einde dit te bewerkstellig is die Contactcentrum Bedrijfleven-Onderwijs (CBO) in 1955 gestig met die doel om by die onderwys beter be= grip en insig te bring ten aansien van ontwikkeling op die ge= bied van die verskillende bedryfsektore, maar om ook tegelyker= tyd die verskillende bedryfsektore 'n groter belangstelling in die onderwys te laat kry (11, p. 20). Die stigting van die CBO moet as 'n baie belangrike moment vir die opkoms en uit= bouing van verskeie voorligtingsdienste in Nederland gesien word. Trouens, die werksaamhede van die CBO is veral afgestem op voorligters, onderwysers en leerlinge. Dit behels dan ook -

(1) konferensies tussen voorligters, onderwysers en skoolde= kane aan die een kant en bedryfsleiers aan die ander kant;

(2) uitstappies na fabrieke en ander bedryfsinstellings;

(3) kursusse vir skoolvoorligters oor sake rakende die praktyk van voorligting;

(4) werkgeleenthede vir leerlinge ten einde die nodige beroeps= ervaring op te doen voor hulle finaal met 'n beroepskeuse gekonfronteer word, en

(5) vakansiekursusse vir leerlinge wat deur verteenwoordigers uit verskillende bedryfsektore gelei word.

### 2.2.4 Onderwys en demokrasie

In Nederland word daar gepraat van 'n interne en 'n eksterne demokratisering van die onderwys (11, p. 21). Eksterne demo= kratisering beoog kansegelykheid vir alle leerlinge. Uit on= dersoeke het dit byvoorbeeld geblyk dat leerlinge uit die laer sosio-ekonomiese bevolkingsgroep relatief swak verteenwoordig word in inrigtings vir voortgesette onderwys, veral tersiêre onderwys (voortgesette wetenskaplike onderwys) (11, p. 21). Afgesien hiervan wil dit voorkom of daar ook ander probleme kan wees wat die deurstroming van leerlinge van die kleuter= skool na die basisskool en van die basisskool na sekondêre skole en vandaar weer na tersiêre onderwys ernstig belemmer. Uit ondersoeke wat in die tydperk 1964/1965 uitgevoer is, blyk by= voorbeeld dat 43% van die leerlinge uit die hoër inkomstegroep hulle aanmeld vir tersiêre onderwys, terwyl slegs 10% uit die laer inkomstegroep dit doen. Hierdie syfers dui daarop dat die beginsel van kansegelykheid in Nederland nog nie ten volle ge= realiseer is nie (11, p. 21).

'n Verdere belangrike faktor wat eksterne demokratisering in die onderwys kortwiek is die probleem wat hom by die oorgang van basisonderwys na voortgesette onderwys openbaar. Die ouers kon naamlik vir hulle kinders 'n keuse uit nie minder nie as 10 skooltipes maak (11, p. 23). Vyf daarvan bied algemene voortgesette of sekondêre onderwys aan en vyf beroepsonderwys. Hierin word die ouers bygestaan deur professionele raadgewers (beroepskeuse-adviseurs, jeugkonsulente, skooldekane), maar "Hoe nauwgezet de keuze door school en ouders ook wordt gedaan, in tal van gevallen zal een correctie nodig zijn" (11, p. 23). Die situasie is tans van so 'n aard dat korreksies nie altyd maklik bewerkstellig kan word nie.

Dat daar egter reeds goeie vordering gemaak is met eksterne demo= kratisering blyk uit die feit dat daar weggedoen is met die ou kategoriale sisteem waarvolgens alle leerlinge in 'n bepaalde skool dieselfde vakke moes neem en aan die einde van die kursus dieselfde eindeksamen moes aflê. Volgens hierdie ou stelsel het die leerstof sentraal gestaan en geen reg kon geskied aan individuele leerlinge se vermoëns en belangstellings nie. Hier= die stelsel is gaandeweg vervang deur een waarin die beginsel van differensiasie baie meer prominent figureer. Daar word tans deeglik rekening gehou met die werktempo van individuele leerlinge asook met hulle belangstellings en aanleg.

Interne demokratisering stuur af op groter seggenskap aan leerlinge oor sake wat betrekking het op die skoolgemeenskap.

Dit het veral betrekking op bestuursvorme binne die skool en universiteite, omdat daar reaksie gekom het op die bestaande outoritêre bestuursvorme waarbinne leerlinge, onderwysers, studente en dosente baie min invloed kon uitoefen op die gang van sake binne die skool- en universiteitsgemeenskap (11, p. 24).

### 2.2.5 Onderwysbegeleiding en Onderwysnavorsing

Onderwysowerhede in Nederland besef terdeë die waarde van on= derwysnavorsing en onderwysbegeleiding en daarom bestaan daar verskeie instellings en instansies wat met staatsondersteuning hierdie belangrike werk onderneem. Slegs enkeles daarvan word bespreek omdat hulle in hoë mate verantwoordelik is vir uitein= delike beleidsformulering.

#### a. Pedagogiese Sentra

Die Pedagogiese Sentra is reeds in 1946 opgerig deur die Nasionale Skoolbestuursorganisasies in samewerking met die plaaslike onderwysersverenigings van die verskillende denominasies (12, p. 2). Sedert 1966 word hierdie sentra deur die Staat gesub= sidieer omdat hulle kwalifiseer as "instellingen die zich het bevorderen van de verbetering en de vernieuwing van het onder= wijs, in samenwerking met onderwijsorganisaties en scholen, ten doel stellen" (12, p. 2). Die taak van die Pedagogiese Sentra val in vier aspekte uiteen:

(1) Navorsing met betrekking tot pedagogiese en didaktiese beginsels vir die onderwys;

(2) kursusse vir onderwysers aan staatsgesubsidieerde privaat skole;

(3) ontwikkeling van onderwysvorme deur begeleiding en advies, en

(4) advies aan die Minister van Onderwys en Wetenskap.

As werkterrein het die Pedagogiese Sentra feitlik alle terreine van die onderwys met die uitsondering van tersiêre onderwys en "leerlingwezen". Hierdie sentra funksioneer op plaaslike en streeksvlak.

b. <u>Onderwysadviessentra</u>

Veel ouer as die Pedagogiese Sentra is die talryke instansies wat hulle besig hou met die problematiek van en die hulpver= lening aan die individuele kind met leer- en/of opvoedingspro= bleme. Hierdie adviessentra het hulle aanvanklik meer met in= dividuele hulpverlening besig gehou, maar algaande het die klem ook na vernuwing en "kwaliteitsverbetering" in die onderwys oorgeskuif (12, p. 4). Tans hou hierdie sentra hulle hoofsaak= lik besig met die ontwikkeling van onderwyshulpmiddele, navor= sing oor onderwysmetodes, kursusse met betrekking tot onderwys= vernuwing en die formulering van projekte waaroor onderwysna= vorsing gedoen behoort te word.

Onderwysadviessentra val direk, ook in enkele gevalle indirek onder jurisdiksie van plaaslike owerhede (Munisipaliteite) waardeur dit ook gefinansier word.

c. <u>Kommissies en Werkgroepe</u>

Daar bestaan werkgroepe wat aanbevelings moet doen ten aansien van die Wet op Voortgesette Onderwys (Mammoetwet), werkgroepe vir die opstel van kurrikula vir verskillende skooltipes, kom= missies vir die bestudering van onderwysmetodes en kommissies vir die modernisering van 'n aantal skoolvakke soos Wiskunde, Natuurkunde, Skeikunde, Biologie en moderne en klassieke tale (12, p. 5).

Laastens dien vermeld te word die "Stichting voor onderzoek van het onderwijs" wat in 1965 gestig is met die oog op "het steunen, doen uitvoeren, coördineren en anderzins bevorderen van weten= skappelijk onderzoek met betrekking tot het onderwijs" (11, p. 30). Die terrein van ondersoek is baie wyd en dek die hele onderwysgebied van kleuterskole tot en met tersiêre onderwys. Dit behandel vraagstukke van pedagogies-didaktiese aard, van onderwysorganisatoriese aard, sosiaal-higiëniese, boukundige, administratiewe, ekonomiese, maatskaplike, politieke en staats= regtelike aard.

### 2.2.6 <u>Onderwysbeheer</u>

In 1918 reeds het die Ministerie van Onderwys en Wetenskap as selfstandige Departement die verantwoordelikheid vir die onder= wys van die land oorgeneem. In die daaropvolgende jaar is die Onderwysraad ingestel wat as permanente adviserende orgaan van die minister optree (11, p. 41). Dit is belangrik om daarop

te wys dat die minister van Onderwys en Wetenskap in Nederland nie jurisdiksie oor voorligting het nie. Dit val onder die Ministerie van Sosiale Sake. In die volgende hoofstuk sal weer hierna verwys word en aandag sal gegee word aan enkele probleme wat dit teweegbring.

## 2.3 DIE NEDERLANDSE ONDERWYSSTRUKTUUR

### 2.3.1 Oriëntasie

Die struktuur van die Nederlandse onderwysstelsel het gedurende die afgelope tien jaar ingrypende veranderinge ondergaan wat saamval met 'n periode van toenemende welvaart in die land. Die veranderinge het daartoe gelei dat die onderwys 'n steeds belangriker aandeel begin kry het in die kulturele, maatskap= like en ekonomiese ontwikkeling van die samelewing. Ondanks die strukturele veranderinge wat reeds geruime tyd gelede in= getree het, kan daar nog nie van 'n finale konsolidasie gepraat word nie (11, p. 45).

Die beskrywing in die volgende paragrawe is derhalwe nie 'n weergawe van die finale toedrag van sake soos die struktuur na die volle implementering van die Mammoetwet daaruit sal sien nie. 'n Groot gedeelte van genoemde wet is reeds geïmplemen= teer en slegs die feitelike toedrag van sake soos dit tans daar uitsien, sal in hierdie hoofstuk behandel word.

### 2.3.2 Kleuteronderwys

Kleuteronderwys in Nederland is nie verpligtend nie. Kinders van 4 jaar en ouer word tot kleuterskole toegelaat waarin hulle kan bly totdat hulle leerpligtig is, dit wil sê die ouderdom van 6 jaar bereik het.

Kleuteronderwys is nie formele onderwys nie, omdat kennisoordrag nie die primêre doelstelling uitmaak nie, maar algemene vorming (11, p. 46). Die program wat in die algemeen in die meeste kleuterskole geïmplementeer word, bestaan uit spel- en lig= gaamsoefeninge, tekenwerk, die leer van eenvoudige kinderversies, musiek en nabootsing. By die meer begaafde kleuters word aandag gegee aan taalvorming en voorbereidende rekene.

Dat kleuterskole in Nederland reeds goed gevestig is, blyk uit die feit dat ongeveer 82% van alle vierjariges en 95% van alle vyfjariges in Nederland na kleuterskole gestuur word.

### 2.3.3 Basisonderwys (Primêre onderwys)

Basisonderwys strek oor 'n periode van ses skooljare. Sekere vakke is deur wetgewing verpligtend vir alle leerlinge, maar elke skool word toegelaat om benewens die minimum aantal ver= pligte vakke 'n sekere aantal keusevakke aan te bied wat afhang van die behoeftes van die bepaalde gemeenskap waarbinne die skool geleë is. Vakonderwys word nie op die basisskool aange= bied nie, sodat elke laerskoolonderwyser in staat moet wees om alle vakke aan te bied.

Die hoofdoelstelling met basisonderwys is om by leerlinge 'n aantal elementêre kundighede en vaardighede tuis te bring wat vir hulle verdere ontwikkeling belangrik geag word (11, p. 47). Die eise vir bevordering in die basisskool is dan ook, op en= kele uitsonderings na, vir alle skole dieselfde. Daar word byvoorbeeld van 'n leerling verwag, alvorens hy bevorder kan word, om rekenskap te kan gee van sekere basiese vaardighede soos lees, skryf en rekene.

In die basisskool staan die kind sentraal en nie die leerstof nie. Dit beteken dat daar deeglik rekening gehou word met die moontlikhede van elke individuele leerling. Hierdie beginsel word besonder hoog aangeslaan, in so 'n mate dat dit by wyse van amptelike wetgewing gewaarborg word. In die Wet op Basis= onderwys is byvoorbeeld die volgende bepalings vervat wat nie alleen met die basiese behoeftes van leerlinge rekening hou nie, maar ook sekere vereistes stel waarvoor elke skool voorsiening moet maak (11, p. 48). Enkele van hierdie vereistes is -

(1) "de instrumentele en culturele vaardigheden (taal met in= begrip van de Engelse taal, schrijven en rekenen);

(2) verkenning van die wereld (geschiedenis, aardrijkskunde, biologie, natuurkunde, hygiëne, verkeer);

(3) expressiemogelijkheden (handvaardigheid, muziek, tekenen), en

(4) lichamelijke oefening waaronder zwemmen."

Na voltooiing van hul opleiding aan 'n basisskool val daar vir leerlinge 'n groot aantal moontlikhede vir voortgesette onder= wys (sekondêre onderwys) oop en soos verderaan duideliker sal word, is die eerste daadwerklike ingryping in die onderwysloop= baan van elke kind deur voorligters hier 'n noodsaaklikheid. Dit word trouens ook gedoen, maar hierdie saak word in die vol= gende hoofstuk breedvoerig behandel.

### 2.3.4 Voortgesette onderwys (sekondêre onderwys)

Voortgesette onderwys omvat alle vorme van onderwys ná basis=onderwys, uitgesonderd buitengewone onderwys, leerlingwezen en wetenskaplike onderwys (hoër onderwys). Die Wet op Voortgesette Onderwys deel voortgesette onderwys in Nederland in vier hoofgroepe skole in, naamlik -

(1) voorbereidende wetenskaplike onderwys((VWO) senior sekondêr) wat aan Gimnasiums en Atheneums aangebied word. Die kursusduur is ses jaar;

(2) algemene voortgesette onderwys (AVO) wat as volg verdeel word -

   (a) hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO) met 'n kursusduur van 5 jaar;

   (b) middelbare algemene voortgesette onderwys (MAVO) wat normaalweg 4 jaar duur, hoewel sekere kursusse in hierdie tipe skool aangebied word wat slegs 3 jaar duur, en

   (c) laer algemene voortgesette onderwys (LAVO) met 'n kursusduur van 2 jaar;

(3) beroepsonderwys wat differensieer in -

   (a) hoër beroepsonderwys (HBO) wat aansluiting vind by hoër algemene voortgesette onderwys;

   (b) middelbare beroepsonderwys (MBO) wat weer aansluiting vind by sowel middelbare algemene voortgesette onderwys as laer beroepsonderwys, en

   (c) laer beroepsonderwys (LBO) waarin daar gedurende die eerste en tweede studiejaar hoofsaaklik algemene voortgesette onderwys aangebied word, en

(4) ander vorme van voortgesette onderwys soos vormingsinstitute vir leerlinge wat nie meer skoolpligtig is nie.

Voor 1 Augustus 1968 is sekondêre onderwys beheer deur verskillende wette. Elke wet het sy eie bepalings gehad ten aansien van die een bepaalde sektor van die onderwys wat daaronder geressorteer het, sodat daar indertyd nouliks in organisatoriese opsig van <u>een</u> onderwysstelsel sprake was.

Die nuwe wetgewing het nie 'n opheffing van die bestaande tipes skole tot gevolg gehad nie, maar 'n groter uniformiteit ten opsigte van sekere aspekte van die verskillende skooltipes. Een hiervan is die voorskrifte ten aansien van die onderwysprogram wat vir die eerste studiejaar van alle skole geld (11, p. 49). Dit behels kortliks dat die eerste studiejaar as 'n brugjaar bekend sal staan omdat dit nie alleen aansluiting by die basis=skool het nie, maar ook 'n oriënteringstydperk verteenwoordig voordat leerlinge finaal op 'n bepaalde skool of studierigting besluit. Die algemene doel met die brugjaar is dus om leer=linge die geleentheid te gee om hulleself te oriënteer ten aan=sien van die nuwe skoolsituasie waarin hulle hul nou bevind en om insig te verkry in hul moontlikhede met die oog op hul ver=dere skoolloopbaan. Die uiteindelike gedagte daaragter is om horisontale skoolwisseling makliker te maak.

a. <u>Voorbereidende wetenskaplike onderwys</u>

Hoewel voorbereidende wetenskaplike onderwys daarop afstuur om leerlinge voor te berei vir voortgesette studie aan 'n univer=siteit, is die onderwys wat aan hierdie tipe skole aangebied word, baie algemeen van aard.

Twee soorte skole vir voorbereidende wetenskaplike onderwys word onderskei, te wete Gimnasiums en Atheneums In die reël word die twee tipes skole in kombinasie aangetref om 'n Lyceum te vorm. Die eerste drie studiejare is vir beide die Gimnasium en die Atheneum dieselfde, waarna leerlinge dan 'n keuse kan maak tussen 'n Afdeling A en 'n Afdeling B. In Afdeling B van die Gimnasium en die Atheneum is Wiskunde en natuurwetenskap=pe verpligtend. Hierbenewens moet leerlinge ten minste een klassieke taal byneem, naamlik Grieks of Latyn. In Afdeling A van die Gimnasium val die klem op klassieke tale (Grieks en Latyn), terwyl die Atheneum in dieselfde Afdeling hom toelê op ekonomiese en handelswetenskappe. Vir beide Afdelings is 'n studie in Nederlands, Frans, Duits en Engels 'n vereiste.

Die kursus aan beide tipes skole duur ses jaar. Aan die einde daarvan word 'n eksamen in sewe vakke afgelê. Vyf daarvan is verpligtend en twee is keusevakke. Die suksesvolle aflegging van hierdie eksamen verleen toegang tot voortgesette studie aan 'n universiteit (14, pp. 18-19).

b. <u>Algemene voortgesette onderwys</u>

Algemene voortgesette onderwys word aangebied in skole vir hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO), middelbare algemene

voortgesette onderwys (MAVO), laer algemene voortgesette onder=wys (LAVO) en laer beroepsonderwys (LBO). Die kursusduur is nie aan al hierdie skole ewe lank nie. Vir HAVO-skole is dit 5 jaar, vir MAVO-skole 3 of 4 jaar en vir LAVO-skole slegs 2 jaar.

Sover dit hoër algemene voortgesette onderwys betref, is die eerste 3 studiejare vir alle leerlinge dieselfde, maar daarna kan leerlinge 'n keuse maak uit Engels, Duits, Frans, Aardryks=kunde, Geskiedenis, handelswetenskappe, Ekonomie, Wiskunde, Natuurkunde, Skeikunde en Biologie, sodat hulle saam met Nederlands, wat 'n verpligte vak is, in totaal 6 vakke vir die laaste 2 studiejare het. By MAVO-skole is die vakaanbieding vir alle leerlinge ook die eerste 3 jaar dieselfde en in die vierde studiejaar kan 'n keuse gedoen word.

Laer algemene voortgesette onderwys vind baie nou aansluiting by laer beroepsonderwys en sal onder die betrokke afdeling verder behandel word. Die aantal LAVO-skole is egter nog tot 'n minimum beperk.

c. Beroepsonderwys

Beroepsonderwys soos dit tans in Nederland daar uitsien, is die produk van die Wet op Voortgesette Onderwys. Voorheen het be=roepsonderwys onder die Nywerheidsonderwyswet geval en dit was derhalwe nie die verantwoordelikheid van die Ministerie van Onderwys en Wetenskap nie (11, p. 53). Die belangrikste im=plikasies van die nuwe bedeling is dat klem verskuif het van "opleiden" na "voorbereiden". Onder die Nywerheidswet het die beroep sentraal gestaan. Onder die Mammoetwet staan die leerling sentraal. In genoemde wet word voorsiening gemaak vir 8 soorte beroepsonderwys, te wete -

(1) Tegniese onderwys ter voorbereiding van leerlinge op beroepe van tegniese aard; (15)

(2) Huishoudkunde- en Nywerheidsonderwys;

(3) Landbou-onderwys wat leerlinge voorberei op verskillende beroepe in die landbou, waaronder Bodemkultuur, Landbou-ambagte en Landboutegnologie;

(4) "Middenstandonderwijs" wat leerlinge voorberei op die selfstandige beoefening van 'n ambag, in die handel of 'n diensberoep;

(5) ekonomiese en administratiewe onderwys met die oog op beroepe van administratiewe aard;

(6) skole vir die opleiding van kleuterleidsters en onderwy= sers;

(7) skole vir sosiaal-pedagogiese onderwys wat leerlinge voorberei vir beroepe op die gebied van jeugwerk, kultu= rele werk, maatskaplike werk, personeelwerk, gesondheid= sorg, sport en ander relevante beroepe, (10) en

(8) tuisonderwys wat leerlinge voorberei vir beroepe op al die verskillende terreine van die kuns.

Al bogenoemde tipes skole differensieer in laer, middelbare en hoër beroepsonderwys, behalwe die skole vir sosiaal-pedagogiese onderwys, wat slegs 'n middelbare en hoër niveau het. Die op= leiding van onderwysers is egter uitsluitlik 'n aangeleentheid vir hoër beroepsonderwys.

(i) Laer Beroepsonderwys

Laer beroepsonderwys neem 'n belangrike plek in die Nederlandse onderwysbestel in, aangesien ongeveer die helfte van al die skoolgaande jeugdiges na hul primêre skool-opleiding na 'n skool vir laer beroepsonderwys gaan (11, p. 54). Aanvanklik was die kursus slegs 3 jaar, maar sedert 1 Augustus 1973 is dit na 4 jaar verleng (17). Die eerste 2 jaar daarvan bestaan in die reël uit algemeen vormende onderwys. Die bedoeling is dat leerlinge 'n algemene vorming moet kry maar nie ten koste van beroepsvoorbereidende opleiding nie.

Laer beroepsonderwys moet as 'n onderwyskundige geheel gesien word wat verskillende differensiasiemoontlikhede inhou. Die rede daarvoor is dat gelyke toelatingsvereistes geld vir alle skole wat hierdie vorm van onderwys aanbied. Voorts stem hierdie skole besonder nou met mekaar ooreen. Dit word duide= lik geïllustreer in die eerste studiejaar waar dieselfde sillabus vir alle skole vir laer beroepsonderwys van toepas= sing is. Gedurende die tweede studiejaar word ten minste 20 lesse per week aan algemene vakke (Nederlands, een moderne vreemde taal, Wiskunde, Geskiedenis en Aardykskunde, Maatskap= pyleer en Handwerk) bestee, terwyl die orige 10 periodes vir beroepsoriëntering aangewend word. Gedurende die eerste 2 studiejare, ook bekend as die brugperiodes, word dus 'n breë algemeen vormende basis gelê, maar in die daaropvolgende 2 studiejare verskuif die klem al meer na beroepsvoorbereiding.

Die tweejarige brugperiode bied ook die geleentheid aan leer= linge om op 'n bepaalde beroepsrigting te besluit en selfs geringe wysigings in hul kursuskeuse aan te bring. Die onder= wysers kry insgelyks die geleentheid om leerlinge oor 'n redelik lang tydperk waar te neem en te beoordeel sodat hulle eventueel tot beter en meer verantwoordbare advies in staat is ten aansien van 'n gewenste studierigting vir 'n bepaalde leerling.

(ii) Middelbare Beroepsonderwys

Middelbare beroepsonderwys is die vervanging van die ou laer nywerheidsonderwys. Dit is 'n verandering wat 'n direkte gevolg is van die Wet op Voortgesette Onderwys. Die toename in die aantal en soorte beroepe, die groter behoefte aan kommunikasie op vertikale en horisontale vlak en die geweldige uitbreiding in die dienssektor het die behoefte aan 'n "middenkader" en daarmee dan ook aan middelbare beroepsonderwys laat toeneem (11, p. 57).

Die kursusduur vir middelbare beroepsonderwys wissel van een tot vier jaar, na gelang van die skooltipe en afdeling.

(iii) Hoër Beroepsonderwys

Met hoër beroepsonderwys word beoog om leerlinge sowel prakties as teoreties voor te berei. Die omvang daarvan is van so 'n aard dat 'n leerling "in staat wordt gesteld door verdere studie en na verkregen ervaring een leidinggevende functie of een staffunctie te vervullen" (11, p. 60). Dit is nie bedoel om finale beroepsopleiding te wees nie, maar om 'n grondslag te lê vir voortgesette hoër onderwys. Die kursusduur varieër van 3 tot 4 jaar na gelang van die tipe skool.

Die gedagte word deesdae al hoe meer uitgespreek om nouer skakeling tussen hoër beroepsonderwys en wetenskaplike onder= wys (hoër onderwys) te bewerkstellig, want beide is per slot van sake bestem vir studente van dieselfde leeftydsgroep en dieselfde vermoë (11, p. 60).

## 2.4 TOELATINGSVEREISTES VIR VOORTGESETTE ONDERWYS

Die toelatingsvereistes (14, pp. 15-16) tot skole vir voort= gesette onderwys varieër na gelang van die tipe skool. In elke geval moet die hoof van die basisskool waar 'n leerling sy primêre skoolopleiding gehad het, 'n verslag voorberei oor die leerling waarin hy ook sekere aanbevelings doen met betrekking tot die tipe skool, studierigting en vakkeuses. Vir toelating

tot voortgesette wetenskaplike en hoër algemene voortgesette onderwys moet genoemde verslag en aanbevelings ook nog verge=sel gaan van die uitslag van 'n skolastiese en een of meer psigologiese toetse. By toetrede moet 'n leerling dan nog 'n toelatingseksamen aflê of 'n "proefklas" bywoon.

Vir middelbare beroepsonderwys word 'n diploma van 'n skool vir middelbare algemene voortgesette onderwys verlang, terwyl leerlinge wat hoër beroepsonderwys wil ontvang 'n diploma moet voorlê wat deur 'n skool vir hoër algemene voortgesette onder=wys uitgereik is.

## 2.5 VORMINGSINSTITUTE

Benewens voorbereidende wetenskaplike onderwys, algemene voort=gesette onderwys en beroepsonderwys maak die Wet op Voortge=sette Onderwys ook nog voorsiening vir 'n vierde kategorie, naamlik "andere vormen van voortgezet onderwijs" (11, p. 65). In hoofsaak kom dit daarop neer dat genoemde vormingsinstitute (19, pp. 38-41) onderwys aan jeugdiges gee wat nie meer vol=ledig leerpligtig is nie en reeds in die arbeidsmark opgeneem is. Die doel van die onderrig is persoonlikheidsvorming wat in noue verband staan met "hun concrete werk - en leefsituatie" (11, p. 65). Die institute is nòg in formele, nòg in materiële sin skole, want hul doelstelling is nie in die eerste plek intel=lektuele vorming nie, maar hulp aan jeugdiges met betrekking tot sekere probleme waarvoor hulle in hul daaglikse lewe te staan kom, byvoorbeeld medemenslike verhoudinge, die maatskappy, die arbeidsituasie, vryetyd en die huwelik.

Vormingsinstitute van hierdie aard kan basies in twee groepe verdeel word:

(1) Vormingsinstitute vir 17-22-jariges (hoofsaaklik meisies) wat in 'n kantoor of as klerk in 'n winkel werk. In die reël word die klasse in die aand aangebied.

(2) Vormingsinstitute vir 14-18-jariges wie se werksituasie van so 'n aard is dat hulle gedurende die dag klasse kan bywoon.

## 2.6 SKOOLGEMEENSKAPPE

'n Verdere vorm van vernuwing wat die Wet op Voortgesette Onder=wys meegebring het, is die skoolgemeenskappe (14, pp. 16-18). Dit is 'n kombinasie van twee of meer skooltipes waarvan ten minste die eerste studiejaar vir alle leerlinge dieselfde is.

Gimnasiums en Atheneums word byvoorbeeld selde nog as afsonderlike skole aangetref, maar in kombinasie met skole vir hoër algemene voortgesette onderwys.

Daar word reeds talryke skoolgemeenskappe aangetref wat 'n kombinasie is tussen skole vir middelbare algemene voortgesette onderwys en laer beroepsonderwys.

## 2.7 LEERLINGWEZEN

Leerlingwezen (13) is 'n aspek van die onderwys wat nie onder die Wet op Voortgesette Onderwys ressorteer nie en derhalwe as 'n afsonderlike vorm van onderwys kwalifiseer. Dit is in wese niks anders as beroepsopleiding vir diegene wat reeds 9 jaar volledige dagonderwys gehad het nie. Die opleiding word vir 3 of 4 dae per week in 'n beroepspraktyk aangebied. Die res van die opleiding geskied in die skool. Instrukteurs in bedryfsektore wat as opleidingsinstitute kwalifiseer, neem die praktiese opleiding waar. Leerlinge word verplig om 'n wetlike ooreenkoms met werkgewers aan te gaan alvorens hulle toegelaat word tot die Leerlingwezen. Die opleiding wat op skool aangebied word, vorm die teoretiese grondslag waarop die praktyk steun. Die skool word 1 tot 2 dae per week besoek en leerlinge ontvang onderrig in sowel algemeen vormende vakke as beroepsgerigte vakke. Baie leerlinge voldoen aan die vereistes vir gedeeltelike leerplig deur middel van hierdie vorm van onderwys. In beginsel is die Leerlingwezen egter 'n vrywillige aangeleentheid.

## 2.8 BUITENGEWONE ONDERWYS

In Nederland word buitengewone onderwys (11, p. 76) aangebied aan leerlinge wat om bepaalde redes nie gewone onderwys kan volg nie. Basies word hierdie groep leerlinge in twee kategorieë ingedeel:

(1) Kinders wat op grond van sintuiglike, liggaamlike of geestelike gebreke besondere aandag vereis (byvoorbeeld dowes, swakhorendes, kinders met spraakgebreke, blindes, swaksiendes, kinders wat aan chroniese siektes lei), en

(2) kinders wat op grond van maatskaplike omstandighede nie gewone onderwys kan ontvang nie.

# HOOFSTUK 3

# VOORLIGTING IN NEDERLAND

## 3.1 ORIËNTASIE

In Nederland is daar talryke instansies wat hulle direk of in=direk met voorligting, veral beroepsvoorligting, besig hou. Sommige van hierdie instansies dateer reeds van die begin van hierdie eeu af, maar baie van hulle het eers in heel resente tyd van betekenis begin word namate die behoefte aan voorligting groter geword het. 'n Opvallende kenmerk van die meeste van die instansies is dat hulle nie-onderwysinstansies is, met die gevolg dat daar ook dikwels aansienlike beleidsverskille tussen hulle bestaan. In die algemeen kwalifiseer die meeste egter as "vrye instansies" (22, p. 14), in dié sin dat daar by almal algehele vryheid bestaan ten aansien van -

(1) die aanmelding vir beroepsvoorligting;
(2) die keuse van voorligtingsinstansie, en
(3) die aanvaarding of verwerping van die aangebode advies (23, p. 6).

Ten einde die voorligtingsopset in Nederland enigermate oor=sigtelik voor te stel, is dit nodig om die verskillende voor=ligtingsdienste in bepaalde groepe of kategorieë in te deel op grond waarvan aan elke voorligtingsinstansie 'n plek en waarde toegeken kan word.

## 3.2 VERSKILLENDE VOORLIGTINGSDIENSTE IN NEDERLAND

Advies ten aansien van skool- en beroepskeuse word tans in Nederland verstrek deur:

(1) Beroepskeuseburo's van die "Gewestelijke Arbeidsburo's" (streek-arbeidsburo's) wat onder die Departement van Sosiale Sake ressorteer;

(2) "Gemeentelijke" of plaaslike beroepskeuseburo's;

(3) Besondere Beroepskeuseburo's (Protestants-Christelike en Rooms-Katolieke beroepskeuseburo's);

(4) Besondere Psigologiese institute;

(5) Skooldekanaat;

(6) Skoolbegeleidingsdienste, en

(7) ander (meesal privaat voorligtingsinstansies).

Ten einde die plek en waarde van elk van hierdie groepe instan= sies binne die totale voorligtingsopset te bepaal, is dit nodig om op die volgende te wys. Met die uitsondering van dié onder (7) genoem, kan al die genoemde instansies beskryf word as on= partydige of "niet belanghebbende" (22, p. 14) instansies by wie daar nie sprake van 'n werwingsmotief is nie. Hulle poog almal om die jeug onbevooroordeeld voorligting te gee ten aan= sien van skool- en beroepskeuse-aangeleenthede. Hierteenoor bestaan daar vele ander instansies wat meesal aan een of ander definitiewe beroep of bedryf gekoppel is en wat hulle daarop toespits om potensiële werknemers vir hierdie besondere beroep of bedryf te werf. 'n Ander groep instansies wat ook onder laasgenoemde kategorie ressorteer, is institute, stigtings en verenigings wat hulle slegs insidenteel met beroepsvoorligting besig hou. Hulle bedien in die reël nie meer as een bedryfs- of onderwyssektor nie en gee voorligting aan belangstellendes slegs ten aansien van sekere toepaslike beroeps- en opleidings= moontlikhede.

Ongetwyfeld die belangrikste voorligtingsinstansies in Nederland vir sover dit vir die onderwys van ingrypende betekenis is, is die "Gewestelijke Arbeidsburo's", die Besondere Beroepskeuse= buro's en die Skooldekanaat. Al drie genoemde instansies laat die klem val op "...... informatie over de beroepen en de op= leidingsmogelijkheden ...." (23, p. 25). Behalwe vir die Skooldekanaat wat by die onderwysstruktuur ingeskakel is, staan die ander twee buite die onderwys. Die vryheid van voorligting waarna reeds verwys is, is egter van toepassing op al drie instansies. Dit beteken dat die skool verskillende studiemoont= likhede aanbied, maar dat dit aan leerlinge oorgelaat word om self te besluit hoe en by wie hulle om advies gaan aanklop. Van 'n sistematiese begeleiding van alle leerlinge binne die skool is daar tans nog nie veel sprake nie.

'n Laaste opmerking wat in dié verband gemaak moet word wat 'n verdere onderskeid tussen die verskillende voorligtingsdienste aandui, is die onderskeid wat in Nederland gemaak word tussen die begrippe beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting. Beroepsvoorligting word omskryf as "De activiteit die er op is gericht door het geven van systematische informatie groepen te oriënteren omtrent beroepen en de hiermede corresponderende

opleidingen benevens de positie en de functie ervan in de same=leving teneinde bij te dragen tot een zelfstandige oordeels- en besluitvorming inzake de keuze van een beroep" (22, p. 13). Die klem val ongetwyfeld op inligting en nie advies nie. Hier=die twee sake word egter selde in die praktyk onafhanklik ge=hanteer, maar hieraan sal verderaan meer volledig aandag gegee word. Beroepskeusevoorligting daarenteen laat meer klem val op persoonlike advies en leiding. Die inligtingsaspek word eweneens hierby betrek, maar dan is dit meer gerig op 'n bepaal=de persoon se aanleg en belangstelling. Trouens, in die om=skrywing van die begrip beroepskeusevoorligting word dit dui=delik gestel dat dit ".... beoogt zowel door het geven van in=lichtingen, adviezen en richtlijnen als door methodische hulp=verlening verantwoorde besluitvorming te bevorderen met betrek=king tot de schoolkeuze, tot de keuze van een beroep en de voorbereiding daarop, alsmede tot de verdere ontwikkeling in het gekozen beroep" (22, p. 13). Hoewel beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting selde in die praktyk afsonderlik be=nader word, word daar organisatories wel deeglik rekening daarmee gehou (6, p. 33). So bestaan daar byvoorbeeld by sowel die Streeksarbeidsburo's as die Besondere Beroepskeuseburo's 'n afdeling vir beroepsvoorligting en 'n afdeling vir beroeps=keusevoorligting. Vir sover dit die Besondere Beroepskeuse=buro's betref, is dit 'n heel resente ontwikkeling en beide as=pekte word nog deur dieselfde persoon behartig.

Beroepsvoorligting wat die ouer een van die twee dienste is, differensieer wat die praktyk betref weer in pre-oriëntasie, algemeen oriënterende beroepsvoorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting. In 'n interimrapport van die "Commissie Beroepsvoorlichting" wat in 1965 verskyn het, word hierdie drie fases as volg omskryf (7, pp. 16-17):

(1) Pre-oriëntasie: "een oriëntatie aan de leerlingen van de gewone lagere school, die in zeer algemene zin is gericht op het maatschappelijk beroepsleven en de verkenning hiervan en die zo word gegeven, dat zij als een voorbe=reiding op de eigenlijke beroepenvoorlichting kan worden opgevat."

(2) Algemeen oriënterende beroepsvoorligting: "de voorlich=ting die zich richt op het verschaffen van kennis omtrent de opleidingen, de beroepengroepen of beroepen, die na het volgen van een bepaalde school voor voortgezet onder=wijs in algemene zin voor keuze in aanmerking komen."

(3) Gespesialiseerde beroepsvoorligting: "een meer diepgaande voorlichting aangaande een beperkt aantal beroepen uit bepaalde sectoren van het beroepsleven."

Dit spreek duidelik dat hierdie drie fases van beroepsvoorligting direk in verband gebring word met die ouderdom van leerlinge en dat dit ŉ poging is om ŉ leerling deur sy hele skoolloopbaan tot diens te wees. In die loop van die verslag sal dit telkens duidelik aangetoon word hoe elk van hierdie fases in ŉ bepaalde diens se praktyk gerealiseer word.

### 3.2.1 Streekarbeidsburo's

#### a. Organisasie

Die Streekarbeidsburo's wat in Nederland bekend staan as die "Gewestelijke Arbeidsburo's" (GAW) funksioneer onder toesig van die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening", ŉ afdeling van die Ministerie van Sosiale Sake. Die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening" is op sy beurt georganiseer in -

(1) ŉ Sentrale Diens
(2) 11 Distriksburo's
(3) ± 90 Streeksburo's, ± 40 takkantore, en
(4) ± 25 sentra vir vakopleiding aan volwassenes.

#### (1) Die Sentrale Diens

Die Sentrale Diens is opgebou uit drie direksies en elke direksie is belas met die formulering van beleid ten aansien van verskillende sake waarvoor die "Direktoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening" (ARBVO) verantwoordelik is. Laasgenoemde se algemene beleid maak deel uit van die sosiaal-ekonomiese beleid van die Regering en is as sodanig "gericht op de bevordering van harmonisch ontwikkelingen op de arbeidsmarkt" (22, p. 16). Met die oog hierop hou ARBVO hom besig met sake soos werkverskaffing, skoling, herskoling, omskoling, aanvullende werkgeleenthede, beroepsvoorligting en beroepskeuseadvies.

Die onderskeid wat gemaak word tussen beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting word vir alle praktiese doeleindes gehandhaaf en om hierdie rede is daar binne die Sentrale Diens voorsiening gemaak vir twee afdelings, een vir beroepskeusevoorligting en een vir beroepstudie en beroepsvoorligting. Wat laasgenoemde betref word daar weer onderskeie buro's aangetref, waaronder buro's vir beroepstudie en beroepsvoorligting,

beroepsdokumentasie en literatuurondersoek. Hulle is egter almal in 'n organisatoriese eenheid gegroepeer. Hiervandaan ontvang die verskillende Streeksburo's hul inligting wat aan belangstellende leerlinge gegee word. Die Afdeling vir Be=roepskeusevoorligting staan onder leiding van 'n hoofpsigoloog en dié word bygestaan deur 'n aantal psigoloë wat weer aan beroepskeuse-adviseurs tegniese en psigologiese leiding gee.

(2) Distriksburo's

Distriksburo's verrig 'n belangrike funksie met betrekking tot doeltreffende koördinasie tussen die Sentrale Diens en die Streeksburo's. Die Afdeling vir Beroepstudie en Beroepsvoor=ligting van die Sentrale Diens ontvang die meeste van sy in=ligtingsmateriaal van die distriksburo's, waarna dit vir publi=kasie gereed gemaak word. Die inligtingstukke word uiteindelik aan die Streeksburo's gestuur, meer in die besonder na die jeugkonsulente, beroepskeuse-adviseurs en werkverskaffers van hierdie buro's.

(3) Streeksburo's

Die belangrikste funksie van die Streeksburo's met hulle onder=skeie takkantore lê op die gebied van voorligting en werkver=skaffing. Vir sover dit voorligting betref, val dit op dat dit eintlik op hierdie vlak is wat daar baie duidelik onderskeid gemaak word tussen beroepsvoorligting en beroepskeusevoorlig=ting (22, p. 17). Eersgenoemde funksie word deur die Jeugkon=sulent behartig, terwyl laasgenoemde deur die professionele beroepskeuse-adviseur gedoen word. Tussen hierdie twee persone word al die voorligtingswerksaamhede waarvoor die Streeksburo's verantwoordelik is, behartig. Die Jeugkonsulent se belangrikste pligte is beroepsvoorligting en werkverskaffing, terwyl dié van die beroepskeuse-adviseur drieledig is:

(1) Hulle verstrek advies aan almal wat om hulp kom aanklop oor sake rakende beroeps- en studiekeuse.

(2) Hulle doen ondersoeke om 'n persoon se geskiktheid vir 'n bepaalde beroeps- of studierigting te bepaal. Hulle is egter nie verantwoordelik vir werkverskaffing nie.

(3) Volwassenes wat belangstel in die Sentra vir Vakopleiding van volwassenes word deur beroepskeuse-adviseurs onder=soek ten einde te bepaal of aansoekers geskik is vir tegniese opleiding.

b. Personeelposisie

Daar is reeds op gewys dat die beroepskeuseburo's van die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening" verantwoorde= lik is vir sowel beroepskeusevoorligting as beroepsvoorligting. Die pligte van die personeel verbonde aan die Sentrale Diens is hoofsaaklik administratief van aard. Derhalwe sal slegs na hulle verwys word vir sover hul werksaamhede direk in verband staan met dié van die Streeksburo's. In dié verband is dit be= langrik om daarop te wys dat die Streeksburo's nie kan funk= sioneer sonder die Sentrale Diens nie, want in die kantoor van die Sentrale Diens is daar 'n afdeling vir beroepstudie en beroepsvoorligting met nie minder nie as 25 medewerkers wat verantwoordelik is vir die versameling, verwerking en versprei= ding van voorligtingsmateriaal aan die verskillende Streeks= buro's. Hierdie afdeling het verder te doen met die opstel van instruksies ten aansien van verskillende voorligtingsmetodieke en -media. Hierdie saak sal verderaan in die verslag breed= voeriger beskryf word wanneer die aard en inhoud van voorlig= tingsprogramme behandel word.

By Beroepskeuseburo's word die volgende kategorieë funksiona= risse of deskundiges aangetref.

(1) Beroepskeuse-adviseurs
(2) Adjunk-beroepskeuse-adviseurs
(3) Psigoloë
(4) Assistent-psigoloë
(5) Administratiewe assistente
(6) Artse
(7) Jeugkonsulente
(8) Adjunk-jeugkonsulente
(9) Ander.

Laasgenoemde drie is werksaam in die afdeling vir beroepsvoor= ligting, terwyl die res verantwoordelik is vir beroepskeuse= voorligting. Om die onderskeid wat in Nederland tussen beroeps= voorligting en beroepskeusevoorligting gemaak word, duideliker aan te toon, is dit nodig om die personeelposisie vir elk van hierdie sake afsonderlik te verduidelik.

1. Personeelposisie met betrekking tot Beroepskeusevoorlig= ting

(a) Beroepskeuse-adviseur[1)] en Adjunk-beroepskeuse-adviseur

Die beroepskeuse-adviseur en sy adjunk hou hulle hoofsaaklik met beroepskeusevoorligting besig, hoewel dit vir hulle sedert 1968 ook moontlik geword het om beroepsvoorligting te gee (22, p. 25).

(i) Opleiding van beroepskeuse-adviseurs

Beroepskeuse-adviseurs ontvang hul opleiding aan die "Academie voor School- en Beroepskeuzewerk" te Tilburg (34, pp. 90-91). Dit is 'n instituut vir hoër beroepsonderwys wat as toelatings= vereiste 'n eindsertifikaat van 'n Gimnasium, Atheneum, hoër beroepskool, HAVO-skool of ander instituut vir hoër beroeps= opleiding vereis. Voornemende beroepskeuse-adviseurs wat oplei= ding wil ontvang, moet eers 'n oriënteringskursus aan die Aka= demie bywoon en hulle vir 'n evalueringsgesprek by lede van die doserende personeel van die Akademie aanmeld.

Aan die Akademie word die kursus op basies twee wyses aange= bied, naamlik voltyds (3 jaar en 5 maande) en deeltyds (4 jaar). Die inhoud van die kursus is geweldig omvattend en dek 'n wye veld van vakstudie. Gedurende die eerste 2 jaar word studente vertroud gemaak met die Nederlandse onderwysstelsel, onderwys= praktyk en beroepskunde. Wat laasgenoemde betref word van eerstejaarstudente verwag om een maal elke veertien dae 'n groepsekskursie (± 15 persone) na skole en nywerheidsinstansies te onderneem en volledig verslag daaroor te doen. Gedurende hulle tweede jaar moet dit minstens 1 keer elke 4 weke gedoen word. Die belangrikheid van hierdie deel van die opleiding spreek vanself.

Die res van die kursus, wat gelyktydig met eersgenoemde deel aangebied word, bestaan uit 'n studie van diverse sosiale weten= skappe wat in direkte verband staan met opleiding, arbeid, arbeidsorganisasies, menseverhoudinge en so meer. Die oplei= ding is teoreties en prakties. Wat die teorie betref, word die volgende vakke aangebied (3):

---

1) Kyk paragraaf 1.2.

(1) Psigologie (Ontwikkelingspsigologie en Sosiale Psigologie, Psigologie van menslike gedrag, Psigologie van beroep en beroepskeuse, Psigologie van arbeid en organisasie, Psigodiagnostiek en Statistiek)

(2) Pedagogiek

(3) Didaktiek

(4) Metabletika (Veranderingskunde)

(5) Sosiologie (Algemene sosiologie, Sosiologie van beroep en beroepskeuse, Sosiologie van arbeid en bedryf)

(6) Ekonomie (slegs in die tweede jaar)

(7) Arbeidsvoorsieningsbeleid en werkgeleentheidspolitiek

(8) Personeelbeleid

(9) Organisasieleer

(10) Bestuurskunde

Die praktiese opleiding behels -

(1) Praktiese toetsmetodiek

(2) Gesprekvoering

(3) Metodiek van beroepsvoorligting

(4) Groepwerk.

Laastens word 'n aantal algemeen vormende vakke aangebied waar= onder Nederlands, openbare optrede, liggaamlike oefening, oriëntasie ten aansien van filosofie, wêreldbeskouinge en heden= daagse kultuurverskynsels en die kuns van toesprake/referate lewer.

Saam met hierdie intensiewe opleiding, word studente opgelei in die praktiese werksaamhede van die beroepskeuse-adviseur. Studente wat voltyds ingeskryf is, moet gedurende die derde en vierde studiejaar twee fases van vyf maande elk deeltyds by 'n beroepskeuseburo werksaam wees, terwyl deeltydse kandidate verkieslik voltyds as assistent-beroepskeuse-adviseurs werk= saam moet wees.

Na voltooing van die kursus word die Akte van Bekwaamheid deur die "Commissie Certificatie Beroepskeuze-adviseurs" aan suk= sesvolle kandidate uitgereik.

(ii) Die Taak van Beroepskeuse-adviseurs

'n Beroepskeuse-adviseur word bestempel as iemand wat mense help ".... bij het kiezen van een voor hen juiste opleiding of van een voor hen geschickt beroep. De beroepskeuze-adviseur is evenzeer schooladviseur als beroepskeuze-adviseur" (3, p. 2). In die lig hiervan is sy belangrikste take die volgende:

(1) Leerlinge wat met voortgesette onderwys (sekondêre onder= wys) besig is en hulle ten aansien van 'n bepaalde studie= rigting vasloop, word deur beroepskeuse-adviseurs van die Streeksburo's te woord gestaan. Die aard van die probleme is gewoonlik leerprobleme omdat 'n bepaalde kur= sus vir 'n leerling te moeilik geword het, of omdat hy die verkeerde studiemetodes volg. Die beroepskeuse-advi= seur poog dan om met behulp van toetse en 'n gesprek met die leerling en sy ouers die oorsaak en omvang van die probleem vas te stel. Die finale beslissing neem hy in oorleg met die ouers.

(2) Die nuwe onderwysbedeling (Mammoetwet) in Nederland het met die invoer van vakpakkette op sekondêre skool-vlak 'n nuwe werkterrein vir die beroepskeuse-adviseur meege= bring. Daar word vry algemeen in Nederland aanvaar dat leerlinge ten tyde van vakkeuses nie seker is omtrent hul beroepskeuses nie, want vakkeuses en vakpakkette is "immers niet alleen afhankelijk van wat de leerling op dat moment interesseert, maar heeft ook te maken met zijn toekomstplannen" (3, p. 2). Dit word van beroepskeuse-adviseurs verwag om leiding te gee aan ouers en leer= linge en die enigste wyse waarop hulle dit daadwerklik doen, is om belangstellingstoetse af te neem en gesprek= ke te voer.

(3) Beroepskeuse-adviseurs gee in samewerking met skooldekane voorligting aan leerlinge oor beroepe en opleidingsmoont= likhede. Dit word in die reël gedoen deur middel van voorligtingsklasse. So 'n klas vorm 'n besprekingsgroep of werkgroep wat gesamentlik poog om vas te stel watter faktore in aanmerking geneem moet word by 'n persoonlike beslissing soos 'n beroepskeuse.

(4) Beroepskeuse-adviseurs staan skoolverlaters te woord wat op die punt staan om tot die arbeidsmark toe te tree. Die aandag van hierdie leerlinge word veral gevestig op verdere opleidingsmoontlikhede.

(5) Die opgawe waarmee beroepskeuse-adviseurs egter die meeste te doen kry, is mense wat reeds in die beroepslewe staan maar van beroep wil verander.

(b) Die Psigoloog en Psigologiese Assistent

(i) Opleiding

'n Psigoloog verbonde aan 'n beroepskeuseburo moet eweneens 'n akademiese opleiding hê. In die reël word verwag dat hy 'n doktorale eksamen in die Psigologie aan 'n Nederlandse Universiteit moet aflê en daarna twee jaar praktykervaring in beroepskeusewerk moet opdoen. Voordat die Akte van Bekwaamheid as beroepskeuse-adviseur aan hom uitgereik word, moet hy ook 'n eksamen in Onderwysorganisasie en Beroepskunde aflê.

Van die psigologiese assistent word behalwe sy basiese opleiding in die Psigologie en 'n addisionele praktiese eksamen geen verdere opleiding vereis nie. Die praktiese eksamen word afgeneem deur die "Nederlands Instituut van Psychologen". Dikwels tree studente in die Psigologie op as assistent-psigoloë (23, p. 15).

(ii) Werksaamhede

Gedurende 1973 was daar slegs 7 psigoloë voltyds in diens by die Streeksburo's van die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening" (23, p. 15). Die beleid is om aan elke Streeksburo met 'n afdeling vir beroepskeusewerk 'n psigoloog aan te stel wie se verantwoordelikheid is die "uitbrengen van een psychologisch advies over een aantal probleemgevallen" (23, p. 16). Psigologiese assistente word egter nie op streekvlak aangetref nie.

(c) Mediese adviseur en administratiewe personeel

Aan elke buro is 'n mediese beampte verbonde na wie gevalle verwys word vir 'n mediese ondersoek. Administratiewe personeel behartig alle administratiewe pligte, maar word dikwels ingespan om sekere toetse af te neem, in welke geval hulle dan assistente genoem word.

## 2. Personeelposisie met betrekking tot Beroepsvoorligting

### (a) Jeugkonsulent en Adjunk-jeugkonsulent

Jeugkonsulente, aanvanklik jeugbemiddelaars genoem, hou hulle hoofsaaklik met beroepsvoorligting besig en is daarom beperk tot die Afdeling vir beroepstudie en beroepsvoorligting van die Streeksburo's.

### (i) Opleiding

Die opleiding van jeugkonsulente was tot onlangs bestempel as die sogenaamde "lange weg" waarvolgens die opleiding 7 jaar op deeltydse basis geduur het (23, p. 4). Van die middel van 1970 af het die klem egter meer op die "korte weg" begin val. Dit het beteken dat 'n persoon kwalifiseer nadat hy sy basiese opleiding as beroepskeuse-adviseur voltooi het. Uit die aard van sy werk kon die jeugkonsulent sy opleiding nooit as afge=handel beskou nie. Daagliks moet hy sy kennis verbreed en vernuwe ten aansien van die vele veranderinge wat intree op die gebied van die onderwys, die beroepswêreld, arbeidsmark en voorligtingsmateriaal en -media. "Lezen en blijven studeren is een essentiële voorwaarde voor een goede functievervulling" (22, p. 24). Hy ontvang voortdurend nuwe inligtingsmateriaal van die Sentrale Diens.

### (ii) Die taak van die Jeugkonsulent[1]

Die jeugkonsulent word beskou as die "exponent van de snelle maatschappelijke ontwikkelingen en de hieruit ontstane voor=lichtingsbehoefte ...." (22, p. 18). Die werksaamhede van die jeugkonsulent kan in die volgende kategorieë verdeel word.

(1) Kollektiewe beroepsvoorligting (groepsvoorligting) word in drie fases aangebied, naamlik voorbereidende voor=ligting (pre-oriëntasie), algemene beroepsvoorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting. Leerlinge in die laaste klas van die basisskool ontvang voorbereidende voorligting wat slegs momenteel aangebied word. Die gedagte is egter om hierdie saak gaandeweg meer in die hande van die onderwys self te laat, sodat die jeugkon=sulent eventueel net 'n ondersteuningsdiens sal lewer. Leerlinge in sekondêre skole en skole vir beroepsonder=wys ontvang algemene beroepsvoorligting. Dit word in

---

1) Kyk paragraaf 1.2.

klasverband gegee, maar dikwels ook tydens oueraande. Die inhoud daarvan sentreer om beroeps-, studie- en opleidingsmoontlikhede. Gespesialiseerde voorligting word aan groepe belangstellende leerlinge en/of ouers aangebied wat in bepaalde beroepe of sektore van die beroepswêreld geïnteresseerd is.

(2) Individuele beroepsvoorligting word aan leerlinge gegee wat meer besonderhede met betrekking tot sekere studie-, opleidings- en beroepsmoontlikhede verlang. Dit word ook dikwels gegee aan diegene wat op soek is na 'n bepaalde werkkring. Die beleid is om aan alle leerlinge wat die skool verlaat sonder 'n beroepskeuse of sonder vakopleiding 'n onderhoud toe te staan, verkieslik saam met die ouers.

(3) Arbeidsvoorligting word aan leerlinge gegee wat hulle skoolopleiding voltooi het en op die punt staan om tot die arbeidswêreld toe te tree. Dit is die taak van die jeugkonsulent om hierdie "volwassen werkwereld" (22, p. 19) aan leerlinge bekend te stel. Verskeie aspekte soos die verwagtinge vån die toekomstige werknemer, die eise van die werkgewer, die betekenis van die eerste werkkring, die "opgaan" in 'n beroep, aanvanklike teleurstellings en werkverhoudings word bespreek. Die ouers word sterk hierby betrek, aangesien dit gewoonlik individueel gedoen word. Dit gebeur nietemin dat dit ook in groepverband gedoen word.

(4) Indirekte voorligting word dikwels aan onderwysers, onderwysinstellings en/of werknemersorganisasies gegee oor die werksaamhede van die jeugkonsulent en die problematiek van studie-, beroeps- en opleidingskeuse in die algemeen (22, p. 19).

✓ (5) Eksterne skakeling met onderwysers en ander instansies is uit die aard van die jeugkonsulent se werk baie belangrik. Sy voorligtingsprogram kan trouens nie funksioneer sonder inagneming van die skoolprogram nie. Besprekings met skooldekane vorm 'n belangrike deel van sy skakelwerk. Dikwels is dit nodig dat die jeugkonsulent persoonlike besoeke moet aflê by skole, bedryfsinstansies, opleidingsinstansies en verenigings sodat hy voortdurend op die hoogte kan bly van veranderinge wat op hierdie gebied intree.

c. Aard en inhoud van voorligtingsprogramme

1. Beroepskeusevoorligting

Aanvanklik het die Nederlandse beroepskeuseburo's hulle hoof= saaklik toegelê op skoolkeuseadvies aan leerlinge van die basisskool.

Op die huidige word 'n groot deel van hulle werksaamhede nog aan hierdie afdeling gewy, maar die tendens is om hulle al hoe meer te wend tot leerlinge van die verskillende soorte sekondêre skole, veral leerlinge in die hoogste klasse. Hierby val dit op dat verskillende skoolbegeleidingsdienste 'n groter belang= stelling begin toon in basisskoolleerlinge (35, p. 68). Die skole het ook intussen meer seggenskap begin kry oor die plasing van leerlinge deur die instelling van proef- en brugklasse en die gebruik van skoolvorderings- en skolastiese toetse (22, p. 51).

Die algemene teoretiese beskouing in Nederland is dat die "beroepskeuzeprozes" berus op - (33, p. 119; 23, p 18)

(1) kennis van die persoon "voor wie het advies zal gelden", en
(2) kennis van die beroeps- en opleidingsmoontlikhede.

Beroepskeusevoorligting sentreer veral rondom eersgenoemde komponente, terwyl die tweede 'n aangeleentheid vir beroeps= voorligting is.

In Nederland word kennis van die persoon in die reël verkry deur 'n ondersoek. Aanvanklik kon elke beroepskeuseburo in Nederland sy eie ondersoekmetodes volg, maar sedert 1962 (23, p. 13) word daar bepaalde eise aan die buro's gestel be= treffende die verskillende metodes wat vir subsidie-doeleindes aanvaarbaar is. Daar word vir sekere basiese ondersoekmetodes voorsiening gemaak en dit is (23, pp. 19-20):

(1) Individuele ondersoeke wat op versoek van ouers of 'n derde persoon aangevra word; 'n individuele ondersoek neem die volgende verloop:

    (a) 'n Onderhoud met die persoon op wie die ondersoek uitgevoer word;

    (b) 'n psigologiese ondersoek (deels skriftelik en deels mondeling);

(c) 'n inligtingsgesprek met die persoon of persone wat die ondersoek aangevra het; en

(d) die opstel van aanbevelings met 'n motivering (skriftelik) daarby.

Met die uitsondering van enkele spesiale gevalle moet die skriftelike advies opgestel word na 'n bespreking met òf die persoon wat ondersoek word, òf die persoon wat die ondersoek aangevra het.

(2) Individuele ondersoeke wat deur die raadsoeker persoon=lik aangevra word.

Dit geld in die reël net vir volwassenes. Die ondersoek=metode is basies dieselfde as dié wat onder (1) bespreek is, behalwe dat die persoon wat ondersoek word dit per=soonlik aangevra het.

(3a) Groepondersoeke van leerlinge aan gewone sekondêre skole wat reeds in hul derde of hoër studiejaar is. Ondersoeke van hierdie aard word in klasverband gedoen nadat die ouers van die betrokke leerlinge hul toestemming daartoe verleen het. Dit neem die vorm van 'n skriftelike onder=soek aan wat opgevolg word deur 'n individuele psigolo=giese ondersoek van beperkte omvang. Daarna word aan elke kind 'n onderhoud toegestaan. In enkele gevalle word die psigologiese ondersoek uitgebrei. In die reël moet daar ook nog 'n gesprek met die skoolhoof en die ouers gevoer word voordat die finale advies skriftelik gegee word.

(3b) Groepondersoeke van leerlinge aan ander tipes sekondêre skole. Die ondersoeke verloop basies dieselfde as dié wat onder (3a) bespreek is.

Verdere bepalings wat deur die Staat neergelê is, lui dat elke Streeksburo minstens 260 ondersoeke van tipes (1) en (2) per deskundige per jaar moet afhandel. Vir die ander word nog minder tyd toegelaat. Die psigologiese ondersoek moet sover moontlik deur 'n psigoloog gedoen word, maar onder sekere omstandighede kan 'n beroepskeuse-adviseur dit ook doen. Daar bestaan nietemin geen duidelikheid oor die presiese taakverde=ling tussen die psigoloog en die beroepskeuse-adviseur wat hierdie saak betref nie (8, pp. 109-110). Aan elke buro is ten minste een beroepskeuse-adviseur en moontlik een psigoloog verbonde. In die geheel is die aantal psigoloë egter veel

minder as die beroepskeuse-adviseurs, sodat een psigoloog dik=wels meer as een buro moet bedien. Om hierdie rede word daar ook dikwels na die psigoloë in die buro's verwys as "perifere psychologen" (23, p. 21). Hulle taak bestaan daarin om toe=sig te hou oor beroepskeuse-adviseurs vir sover dit die psigologiese deel van hul werk betref. Hulle gee instruksies en advies oor die gebruik van psigologiese toetse en neem self gevalle waar waar uitgebreide psigologiese ondersoeke nodig is.

## 2. Beroepsvoorligting

### (a) Aard van Programme

Beroepsvoorligting by die Streeksburo's van die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorziening" het sedert 1965 'n self=standige funksionele status verkry met die instelling van die jeugkonsulentskap (23, p. 26). Dit was 'n uitvloeisel van die gedagte wat gedurende hierdie tyd algemeen in Nederlandse onder=wyskringe posgevat het, naamlik dat "de beroepskeuze niet een eenmalige beslissing is, maar zich uitstrekt over een aantal jaren. Hierby gaat het er om op die belangrijke keuzemomenten het individu van adequate informatie te voorzien" (22, p. 28). Die besef dat 'n beroepskeuse nie 'n momentele aangeleentheid is nie, maar 'n bepaalde verloop vertoon (5, p. 225), het ver=der die gevolg gehad dat daar voorsiening gemaak is vir voor=ligting gedurende alle stadia van die verloop van die "beroeps=keuzeprozes". Op daardie stadium is reeds begin om 'n onder=skeid te maak tussen voorbereidende voorligting, algemene oriënterende beroepsvoorligting en gespesialiseerde beroepsvoor=ligting.

Die feit dat die jeugkonsulentskap nog relatief jonk is, word as rede aangevoer waarom daar nog nie 'n deeglik wetenskaplik gefundeerde beslag aan die metodiek van beroepsvoorligting gegee is nie. Ondersoek is reeds geruime tyd aan die gang wat daarop afstuur om die doelstellings van beroepsvoorlig=ting, veral vir sover dit op die Streeksburo's betrekking het, te (her)formuleer. Die media en die metodes wat vry algemeen gebruik word, getuig egter daarvan dat beroepsvoorligting in Nederland op 'n betreklik hoë peil is (22, p. 27). Die be=roepsvoorligtingsprogram wat algemeen in die Streeksburo's gebruik word, verloop aan die hand van reeds genoemde 3 fases, naamlik voorbereidende voorligting, algemene oriënterende voorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting.

(1) Voorbereidende voorligting

Voorbereidende voorligting word gerig op leerlinge in die hoogste klas van die primêre skool. In hoofsaak word die volgende doelstellings nagestreef:

(i) Om die kinderlike voorstellingsbeeld van die beroepswêreld enigermate realisties te kleur;

(ii) om insig by leerlinge tuis te bring oor die onderlinge afhanklikheid van beroepe, en

(iii) om leerlinge te laat besef dat elke beroep 'n sekere mate van skoling of opleiding vereis.

Samevattend beteken dit dat voorbereidende voorligting 'n poging is om leerlinge in die algemeen te oriënteer ten aansien van die wêreld van arbeid en beroep. Terselfdertyd dien dit as 'n eerste voorbereiding op die maatskaplike lewe waarbinne die beroepswêreld 'n plek het. Besondere nadruk word gelê op keusebegeleiding, veral vir sover die leerling se skoolkeuse konsekwensies vir sy verdere onderwys- en beroepsloopbaan inhou. Die gedagte is egter om hierdie aspek van voorligting al meer in die hande van die onderwys te laat.

(2) Algemene oriënterende voorligting

Met algemene voorligting word beoog om leerlinge aan sekondêre skole in te lig oor die verskillende opleidings- en beroepsmoontlikhede wat vir hulle oopval nadat hulle hul sekondêre skoolopleiding voltooi het. In die reël word hierdie fase aangebied sodat dit saamval met skoolfases waartydens leerlinge sekere keuses moet maak, byvoorbeeld na die brugjaar en met die keuse van vakpakkette. Die gedagte is om ook hierdie aspek van voorligting uitsluitlik 'n aangeleentheid vir die onderwys te maak.

(3) Gespesialiseerde beroepsvoorligting

Gespesialiseerde voorligting omvat meer diepgaande inligting met betrekking tot 'n beperkte beroepsveld. Dit word in die reël net aangebied aan diegene wat op die vooraand van 'n finale beroepskeuse staan. Hierdie vorm van voorligting word as té gespesialiseerd beskou om deur die onderwyspersoneel behartig te word en word slegs deur professionele voorligters (Jeugkonsulente en beroepskeuse-adviseurs) aangebied. Dit vind plaas by wyse van individuele gesprekke maar net so

dikwels in groepverband. Uit die aard van die saak moet dit 'n homogene groep vorm wat ten minste dieselfde belangstelling ten opsigte van 'n besondere beroepsveld deel. Die veronder= stelling is dat leerlinge wat kwalifiseer vir gespesialiseerde beroepsvoorligting reeds oortuig behoort te wees met betrek= king tot hul persoonsmoontlikhede en die eise wat die beroeps= wêreld in die algemeen stel.

(b) Media

Voorligtingsmateriaal wat vir die doel van beroepsvoorligting aangewend word, word deur die afdeling vir beroepstudie en beroepsvoorligting in samewerking met ongeveer 26 beroeps= kundiges oor die hele land ontwikkel. Die media wat die meeste in gebruik is, is (22, pp. 30-33):

(1) Skriftelike voorligtingsmateriaal

Skriftelike voorligtingsmateriaal word voorberei vir twee groepe persone. Eerstens word publikasies gereed gemaak vir gebruik deur professionele beroepsvoorligters (Jeugkonsulente, beroeps= keuse-adviseurs en skooldekane) en tweedens vir gebruik deur leerlinge, hul ouers of ander belangstellendes. Die materiaal kan verder verdeel word in:

(i) Publikasies van algemene aard

In hierdie publikasies word onder andere die werksaamhede van die Arbeidsburo's behandel. Sommige artikels handel oor diverse probleemvelde wat binne die kader van die beroepswêreld van belang geag word.

(ii) Beroepskundige basismateriaal

Hierdie materiaal omvat publikasies wat "de basis vormen voor de totstandkoming van werken, bestemd voor hen die zich beroeps= halve met beroepenvoorlichting bezig houden" (22, p. 30). Die "werken" waarna verwys word, behels -

(1) 'n Beroepsinventaris waarin 14 beroepsgroepe, met die toepaslike bedryfsektore as uitgangspunt, behandel word. Elke afsonderlike beroep binne hierdie beroepsgroepe word baie kortliks omskryf sodat die leser onmiddellik 'n oorsig kan kry oor alle beroepe wat in Nederland aangetref word. Die beroepsgroepe is aan die hand van die volgende bedryfsektore gedoen. Landbou, mynbou,

metaal, glasaardwerk, bou- en hout, drukkery- en papier, leer- en rubber, tekstiel, chemie en voeding, huishou= ding, handel en kantoor, onderwys en versorging, verkeer en algemene dienste.

(2) 'n Handleiding vir funksie-analise en funksie-inventaris van beroepe. Dit is hoofsaaklik vir beroepskundiges bedoel.

(3) 'n Klassifikasie van beroepe volgens hul onderlinge ver= wantskap. In hierdie publikasie word beroepe in Neder= land georden en gegroepeer volgens die "aanlegeisen" wat aan die beoefenaar gestel word.

(iii) Publikasie oor beroepe

Publikasies van hierdie aard bestaan uit

(1) beroepsbeelde; die doel daarvan is om voorligters in te lig oor die "werkinhoud" en die werksfeer van be= roepe,

(2) beroepsmonografieë; hierin word beroepe beskryf waarvoor 'n akademiese kwalifikasie vereis word. Die inhoud word so aangebied dat die verband tussen studiekeuse, vir sover dit sekondêre en hoër onderwys betref, en beroeps= rigting aangedui word, en

(3) die dokumentasie van studie- en opleidingsmoontlikhede. Dit word in die vorm van 'n naslaanwerk uitgegee waaruit belangstellendes kan vasstel welke opleidings- en studie= moontlikhede in Nederland aangebied word.

(2) Oudio-visuele media

Die volgende media word algemeen gebruik:

(1) Beroepsvoorstellings in die vorm van 'n poppespel. Ge= paard daarmee word 'n groep panele opgestel wat tipiese werksituasies uitbeeld. Dit word gewoonlik net vir voor= bereidende voorligting gebruik.

(2) Skyfies waaruit reekse saamgestel kan word. Elke buro beskik oor ongeveer 850 skyfies, maar dit word net vir gespesialiseerde voorligting gebruik. Saam met elke skyfie gaan 'n beskrywing van die beroep gepaard.

(3) Films word vry algemeen gebruik vir algemene en gespe= sialiseerde beroepsvoorligting.

(4) Radio en televisie word slegs in beperkte mate vir die doel van voorligting gebruik.

Ten einde 'n aanduiding te gee van die omvang van beroepsvoor= ligting in Nederland (Arbeidsburo's) en die mate waarin daar van verskillende media en metodes gebruik gemaak word, word die volgende tabel ten opsigte van die jaar 1971 gegee.

TABEL 3.1

BEROEPSVOORLIGTINGSAKTIWITEITE VAN ARBEIDSBURO'S GEDURENDE 1971

| Aktiwiteit | skole | bedryf | byeenkomste | leerlinge |
|---|---|---|---|---|
| Beroepsopvoerings | 2 847 | - | - | 85 230 |
| Klassikale voor= ligting | 1 583 | - | 4 494 | 123 409 |
| Byeenkomste georgani= seer deur Arbeids= buro's | 382 | - | 443 | 15 063 |
| Oueraande | 935 | - | 694 | 48 646 |
| Besoeke | - | 116 | - | 4 273 |

Hierdie syfers gee slegs 'n aanduiding van die aantal leerlinge en weerspieël nie die volle omvang van voorligtingsaktiwiteite van die Arbeidsburo's nie, omdat ook volwassenes voorligting ontvang (20).

3.2.2 Besondere Beroepskeuseburo's

a. Beheer en organisasie

Besondere beroepskeuseburo's omvat in hoofsaak buro's wat op òf Rooms-Katolieke òf Protestants-Christelike grondslag gefun= deer is. Hierbenewens funksioneer daar enkele buro's wat op 'n algemene grondslag staan. Hulle funksioneer egter almal

sonder 'n winsmotief. Die organisasie van hierdie buro's is basies dieselfde, omdat hulle almal aan sekere basiese vereis= tes moet voldoen vir subsidiedoeleindes.

Die omvang van werksaamhede verskil ook weer van buro tot buro. Sommige beperk hul werkkring tot die plaaslike omgewing, ander bedien 'n gedeelte van of 'n hele provinsie en sommige selfs meer as een provinsie (23, p. 9). Die grootte van die buro hang dus af van die grootte van die gebied wat dit bedien. Die belangrikste funksie van Besondere Beroepskeuseburo's is beroepskeusevoorligting, hoewel daar in die laaste jare 'n ten= dens is om ook beroepsvoorligting aan te bied. In hierdie opsig is die Arbeidsburo's en die Besondere Beroepskeuseburo's verskillend georganiseer deurdat die beroepskeuse-adviseur van die Besondere Buro's beroepsvoorligting en beroepskeusevoor= ligting moet behartig. Beroepsvoorligting word egter nie naastenby so uitgebreid aangebied deur die Besondere Buro's as deur die Arbeidsburo's nie en die rede daarvoor is blykbaar omdat Besondere Beroepskeuseburo's eers sedert 1968 subsidie op hierdie aspek van hulle werksaamhede ontvang.

Die Besondere Beroepskeuseburo's (algemene, Protestants-Chris= telike en Rooms-Katolieke) het tussen die jare 1910 en 1920 ontstaan en nie lank daarna nie is die volgende drie sentrale organisasies gestig (23, p. 8):

(1) De Nederlandse Katolieke Centrale voor Beroepskeuzevoor= lichting

(2) De Christelijke Psychologische Centrale voor School en Beroep

(3) De Vereniging tot Bevordering der Voorlichting bij Beroepskeuze.

Bogenoemde drie sentrale organisasies het op hul beurt verenig in die "Centraal Comité Samenwerking Beroepskeuzevoorlichting". Hierdie komitee behartig die belange van genoemde drie organi= sasies en die belangrikste is sekerlik verteenwoordiging by die Ministerie van Sosiale Sake. Uit aanbevelings deur hierdie komitee het die stigting van die "Raad voor de Beroepskeuze= voorlichting" (1963) en die "Stichting Register Beroepskeuze-adviseurs" (1959) voortgevloei. By laasgenoemde instansie word alle beroepskeuse-adviseurs geregistreer wat oor die Akte van Bekwaamheid beskik. Die doel daarvan is om die aansien van die beroep te waarborg.

b. Personeelposisie

1. Opleiding van personeel

Anders as by die Arbeidsburo's word die Besondere Beroepskeuse=buro's hoofsaaklik beman deur beroepskeuse-adviseurs en/of psigoloë. Besondere Beroepskeuseburo's word deur die Staat gesubsidieer op voorwaarde dat daar aan bepaalde vereistes voldoen word, waaronder die opleiding van personeel. Dit be=teken dat al die beroepskeuse-adviseurs verbonde aan hierdie buro's gediplomeerd moet wees en op presies dieselfde peil as dié van die Arbeidsburo's. Trouens, beide groepe adviseurs ontvang hul opleiding aan die "Academie voor School- en Beroeps=keuzewerk". Verder geld dieselfde opleidingsvereistes vir psigoloë verbonde aan die Arbeidsburo's en die Besondere Be=roepskeuseburo's onderskeidelik. Na verhouding is daar egter meer psigoloë aan die Besondere Beroepskeuseburo's verbonde as aan die Arbeidsburo's (23, p. 16).

Dit word toegeskryf aan die verskil in opvatting met betrekking tot die taakverdeling tussen die beroepskeuse-adviseur en die psigoloog vir sover dit beroepskeusevoorligting betref. In baie gevalle verrig die psigoloog al die funksies wat die beroepskeuse-adviseur normaalweg doen. Benewens beroepskeuse-adviseurs waarvan daar in 1972 ongeveer 170 was en psigoloë waarvan daar gedurende dieselfde tyd ongeveer 70 aan die Beson=dere Beroepskeuseburo's werksaam was, word die buro's verder beman deur assistente, mediese personeel en administratiewe beamptes. Die mediese personeel is nie voltyds in diens nie, maar werk slegs insidenteel by die buro's (22, p. 36).

2. Werksaamhede van Personeel

Die Staatsubsidie-reëling bepaal dat beroepskeuse-adviseurs beperk word tot beroepskeuse-advies en beroepsvoorligting. Hulle mag nie ander terreine, byvoorbeeld die keuring van personeel vir werkgewers betree nie. 'n Strakke werkafbakening tussen die beroepskeuse-psigoloog en die beroepskeuse-adviseur kan moeilik gemaak word. Die bespreking hieronder handel in die eerste plek oor die werk van die adviseur en in die tweede plek oor dié van die psigoloog, maar dit moet deurentyd in gedagte gehou word dat dit geen rigiede afbakening is nie, want hul werksaamhede oorvleuel baie. In hooftrekke kan die volgende twee terreine onderskei word:

(a) Beroepskeuse-advies

Die grootste deel van 'n beroepskeuse-adviseur se werksaamhede en tyd word aan beroepskeuse-advies gewy. Dit behels advies aan ouers en leerlinge wat op die oorgangstadium tussen pri=mêre en sekondêre onderwys staan, asook advies aan leerlinge van die sekondêre skool wat hulle ten aansien van 'n bepaalde skool- of studierigting vasgeloop het.

Voorts word leerlinge geadviseer met betrekking tot die same=stelling en keuse van 'n vakpakket. Die advies berus op inligting wat hy deur middel van 'n gesprek met die kind en dikwels ook die ouers bekom het. In enkele gevalle skakel hy selfs belangstellingstoetse in. Persone wat reeds in 'n be=roep staan maar om bepaalde redes 'n verandering wil maak, word ook deur die beroepskeuse-adviseur bygestaan. Dieselfde werk kan deur die psigoloog behartig word, behalwe dat hy bevoeg is om 'n meer uitgebreide psigologiese ondersoek te doen.

(b) Beroepsvoorligting

Op 1 September 1968 het die Besondere Beroepskeuseburo's mag=tiging verkry om beroepsvoorligting te gee. Die bepaling waarvolgens hierdie moontlikheid geskep is, lui soos volg (22, p. 37):

"Een beroepskeuze-instelling word geacht uitsluitend beroeps=keuzevoorlichting te verstrekken indien zij zich bezig houdt met verrichtingen, die direct betrekking hebben op de beroeps=keuzevoorlichting, al dan niet in combinatie met beroepenvoor=lichting, zoals hieronder omschreven en voorts eventueel met de volgende nevenactiviteiten:

a. het inzamelen, bestuderen en bewerken van materiaal ten behoewe van informatie, oriëntatie en advies met betrek=king tot de keuze van een opleiding, beroep, ambt of werkkring;

b. het geven van informatie omtrent opleidingen, beroepen, ambten of werkkringen in individuele gevallen dan wel het in groepsverband geven van beroepenvoorlichting, op an=dere wijze dan in het navolgende is vermeld;

c. het verrichten van speurwerk, verbonden aan de beroeps=keuzevoorlichting;

d. de nazorg, verbonden aan de beroepskeuzevoorlichting;

e. het verstrekken van adviezen ten behoeve van onderwijs;

f. het geven van onderricht omtrent opleidingen, beroepen, ambten of werkkringen alsmede omtrent de methodiek van de beroepenvoorlichting aan leerkrachten en aan in op= leiding zijnde leerkrachten."

In die lig van bogenoemde behels beroepsvoorligting die gee van sistematiese inligting aan groepe leerlinge om hulle te oriën= teer omtrent beroepe en daarmee gepaardgaande opleidingsmoont= likhede. Die doel daaragter is dat leerlinge eventueel tot selfstandige oordeels- en besluitvorming insake 'n beroepskeuse in staat sal wees. In groepverband word beroepsvoorligting deur òf die adviseur òf die psigoloog gegee in die vorm van-

(1) beroepsopvoerings (soos reeds bespreek)

(2) klasvoordragte

(3) ouerbyeenkomste

(4) beroepsvoorligtingsbyeenkomste georganiseer deur die be= trokke beroepskeuse-instansie of ander instansies, en

(5) uitstappies.

Besondere Beroepskeuseburo's ondervind tans nog 'n tekort aan behoorlik opgeleide personeel vir beroepsvoorligting, soort= gelyk aan dié van die Jeugkonsulent wat net by Arbeidsburo's aangetref word. Die rede daarvoor is geleë in die feit dat beide advies en beroepsvoorligting in die Besondere Beroeps= keuseburo's nog deur een en dieselfde persoon behartig word.

c. <u>Aard en Inhoud van Programme</u>

Wat die aard en inhoud van die voorligtingsprogramme betref, dien vermeld te word dat daar slegs klemverskille voorkom tus= sen die verskillende Besondere Beroepskeuseburo's enersyds en tussen hierdie buro's en die Arbeidsburo's andersyds. Daar is reeds op gewys dat beide tipes buro's streng voorskriftelik te werk gaan en daarom is die aard en inhoud van die programme vir albei tipes basies dieselfde. Wat vir die Arbeidsburo's ge= geld het, geld ook vir die Besondere Beroepskeuseburo's.

## 3.3 VOORLIGTING VANUIT DIE ONDERWYS

### 3.3.1 Die onderwyssituasie

Die situasie in Nederland het in die afgelope 10 jaar sodanig ontwikkel dat die onderwys in 'n sekere mate vervreemd geraak het van die beroepslewe in die algemeen (22, p. 47). Die beroepsamelewing het naamlik gedurende hierdie tyd ingrypende sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge ondergaan waar= mee die onderwys nie behoorlik tred gehou het nie. Vanuit ver= skillende oorde het daar oproepe gekom om hierdie gaping te oorbrug. Die instansies wat klaarblyklik die grootste bydraes gelewer het om hierdie brug te slaan, was die Besondere Beroeps= keuseburo's, die Arbeidsburo's en die "Stichting Contactcentrum Bedrijfsleven-Onderwijs". Laasgenoemde instansie, wat in 1965 tot stand gekom het, het hom ten doel gestel om ".... aan instellingen voor Voorbereidend Hoger en Middelbaar Onderwijs, waar daaraan behoefte bestaat, voorlichting te geven omtrent het bedrijfsleven in de ruimste zin en aldus gezonde arbeids= verhoudingen te bevorderen en de algemene welvaart te dienen" (22, p. 48). Hierdie doel word voortdurend verwerklik deur voorligting te gee aan onderwysers en leerlinge met betrekking tot werksomstandighede in die bedryfslewe en gepaardgaande advies oor die ".... eigenschappen en vaardigheden ....." (22, p. 48) wat redelikerwys van potensiële werknemers in bepaalde beroepe verwag kan word. Oor die bydrae wat die Arbeidsburo's en die Besondere Beroepskeuseburo's gelewer het om die kloof tussen onderwys en beroeplewe te oorbrug, is reeds gehandel. 'n Saak waarna ook reeds verwys is, maar wat binne hierdie konteks vermelding verdien, is die implikasies wat die implementering van die Wet op Sekondêre Onderwys (Mammoetwet van 1968) op hierdie aangeleentheid gehad het. Daar word allerweë in Nederland aanvaar dat dit 'n direkte poging was om die onderwys weer enigsins in ooreenstemming met die eise van die breë maatskaplike lewe te bring. 'n Direkte gevolg van hierdie wet was byvoorbeeld dat daar vir die eerste keer weg= gebreek is van die "starre indeling in vakjes" en groter "doorstromingsmogelijkheden" (22, p. 48) tussen verskillende skooltipes onderling moontlik geword het. Leerlinge het sedertdien meer vryheid ten aansien van skoolkeuse, terwyl ook meer keusemoontlikhede by die samestelling van vakpakkette ge= skep is. Op sy beurt het dit weer die behoefte aan meer doel= treffende beroeps- en studievoorligting laat toeneem. Hierdie faktore tesame met die toename in kompleksiteit wat die be= roepswêreld getoon het, het uiteindelik aanleiding gegee tot die instelling van die "schooldekanaat".

### 3.3.2 Die Onderwys se benadering tot beroepsvoorligting

Die Nederlandse onderwysbeleid gaan uit van die standpunt dat "Wil de beroepskeuze van een kind verantwoord zijn, dan is het noodzakelijk, dat het op het juiste tijdstip voldoende beroepskeuzerijpheid heeft ontwikkeld." Verder "Gezien het pedagogische karakter van dit groeiproces (na beroepskeuseryp= heid) en gelet op het feit, dat de school zich mede tot doel stelt haar leerlingen voor te bereiden op het maatschappelijk leven, legt hier een taak voor de school; een taak .... die er op gericht moet zijn de leerlingen in algemene zin keuzerijp te maken" (22, p. 49). Daar word dus besef dat leerlinge nie sonder begeleiding 'n verantwoordbare keuse kan maak nie. Dit blyk dat 'n groot deel van genoemde leiding bestaan uit in= ligting oor die beroepswerklikheid. Daar word voorts in Neder= land goed begryp dat vir hierdie begeleidingswerk pedagogies-didaktiese insigte en ander toepaslike spesialisering onont= beerlik is (22, p. 49). Daar word ook aanvaar dat individuele hulp aan leerlinge wat probleme ten aansien van studie- en beroepskeuse het, eers behoorlik gegee kan word wanneer dit ".... is ingepast in de context van het onderwijs in een al= gemeen, min of meer systematisch studie- en beroepenvoor= lichtingsprogramma" (22, p. 49).

Die tendens, waarna reeds verwys is, om die eerste 2 fases van beroepsvoorligting (pre-oriëntasie en algemene oriënterende beroepsvoorligting) uitsluitlik 'n saak vir die onderwys te maak, is dus in lyn met genoemde benadering.

In die volgende paar paragrawe sal aangetoon word in hoeverre die teoretiese benadering tot beroepsvoorligting reeds in die onderwys praktyk geword het.

#### a. Voorligting op primêre onderwys-vlak (Basisskool)

Die klasonderwyser was baie lank die vertrouenspersoon (22, p. 51) wat leerlinge en ouers geadviseer het met betrekking tot verdere studie- en beroepsmoontlikhede. Algaande is hierdie funksie deur beroepskeuseburo's oorgeneem en met die instel= ling van die Jeugkonsulentskap by die Arbeidsburo's het voor= ligting uitsluitlik 'n saak vir buite-instansies geword. Sedert heel onlangs, met die opkoms van die "Schoolverzorgings= diensten" (sien verderaan) het daar 'n nuwe wending in sake gekom. Die skoolversorgingsdienste, wat van die oudste dienste van hierdie aard in Nederland is (16), het aanvanklik begin met skoolmediese sorg, maar algaande ook ander dissiplines betrek.

In heel resente tyd het bygekom skoolpsigologiese, skoolpedago=giese en skoolmaatskaplike dienste. Dit is veral eersgenoemde twee wat hulle tans met skool- en beroepskeusevoorligting op die basisskool begin besig hou.

b. Algemene voortgesette onderwys en voorbereidende weten=skaplike onderwys

Op sekondêre skool-vlak (algemene voortgesette en voorbereidende wetenskaplike onderwys) word beroepsvoorligting behartig deur die skooldekane. Aangesien die skooldekaan in werklikheid die enigste persoon binne die onderwys self is wat opgelei is vir beroepsvoorligting (2, p. 3), sal hierdie saak verderaan breed=voerig behandel word. Genoeg om te meld dat sekondêre skool-leerlinge inderdaad voorligting ontvang en wel deur 'n spesiaal opgeleide persoon.

c. Beroepsonderwys

In skole vir laer beroepsonderwys word sekere vakonderwysers in beperkte mate belas met beroepsvoorligting. Hulle is nie spesiaal opgelei vir die doel nie, wat beteken dat voorligting op hierdie vlak deur haas enige onderwyser behartig kan word. In die praktyk word die hulp van professionele voorligters (veral Jeugkonsulente) ingeroep. Leerlinge verbonde aan skole vir middelbare en hoër beroepsonderwys ontvang slegs in=sidenteel voorligting. Dit gebeur gewoonlik wanneer verteen=woordigers uit verskillende beroepsektore of universiteite die skool besoek of wanneer professionele voorligters na hierdie skole uitgenooi word.

### 3.3.3 Die Skooldekanaat[1]

a. Ontstaan van die skooldekanaat

Die persoon van die skooldekaan[2] het gedurende die einde van die vyftigerjare sy verskyning in die onderwys gemaak (30, p. 119). Aanvanklik het hy net in VHMO-skole (later die skole vir hoër algemene voortgesette en voorbereidende weten=skaplike onderwys) gefunksioneer, maar later het sy dienste ook uitgebrei na skole vir middelbare algemene voortgesette onder=wys en in heel resente tyd ook na skole vir beroepsonderwys.

---

1) Skoolvoorligterspos.
2) Skoolvoorligter.

Die skooldekaan word in Nederland beskou as 'n "typisch ver= tegenwoordiger van de nieuwe functionaliteit", waarmee bedoel word dat sy intrede in die onderwys simbolies is van die verandering van die opvatting van "kennis is mag" na die funk= sionele "kennis en outoriteit is geen waardes meer op sigself nie, maar moet funksioneel wees" (30, p. 119). Dit word dan ook gestel dat leerlinge begeleiding in plaas van leiding verwag en motivering bo outoriteit verkies. Met sy aanvanklike intrede in die onderwys is die skooldekaan as iemand "buiten= schools" (30, p. 120) beskou wat net so goed deur enige ander buite-instansie vervang kan word, maar sedert die inwerkingtre= ding van die Mammoetwet van 1968 het hy 'n "eigen binnenschoolse identiteit" (30, p. 120) begin verkry.

Die instelling van die skooldekanaat het sedert sy ontstaan net van krag tot krag gegaan en op 29 April 1965 is "de Neder= landse Vereniging van Schooldekanen" gestig. Hierdie verenig= ing behartig die belange van die skooldekane tot op ministe= riële vlak (30, p. 119).

b. Beheer en organisasie

Skooldekane word aangestel aan skole vir hoër en middelbare algemene voortgesette, voorbereidende wetenskaplike en in 'n mindere mate, beroepsonderwys. Al hierdie dekane is verenig in die "Nederlandse Vereniging van Schooldekanen" (NVS) waar= binne daar twee seksies aangetref word; een seksie vir HAVO- en VWO-skole en een seksie vir MAVO-skole. Elke seksie het sy eie bestuur.

Wat die posisie van 'n skooldekaan aan 'n bepaalde skool betref, val dit op dat hy 'n tweeledige funksie het (22, p. 58). In die eerste plek is hy volwaardige onderwyser (1, pp. 43-44) wat statutêr onder presies dieselfde bedeling val as enige ander onderwyser. Dit beteken dat hy basies dieselfde op= leiding ontvang as die gewone vakonderwyser, dat sy diensvoor= waardes dieselfde is, dat sy aanstelling op dieselfde wyse geskied en dat hy dus onder jurisdiksie van die Ministerie van Onderwys val. Sy benoeming as skooldekaan berus uitsluitlik by die skoolhoof en dit hou in dat sy skooldekaanskap 'n addisionele verpligting op hom plaas, want hy bly in die eerste plek vakonderwyser en eers in die tweede plek vervul hy die rol van skooldekaan. As skooldekaan het hy geen regsposisie nie. Dat die skooldekaan 'n tweeledige funksie moet hê, word vir die huidige as noodsaaklik geag, want "Het leraarschap is onder de huidige omstandigheden voor de dekaan essentieel,

omdat het hen midden in het schoolbestel plaatst" (22, p. 58). Die sin van die skooldekaan lê dus eerstens op die vlak van begeleiding omdat hy deur sy leraarskap 'n "vertrouensfiguur" verteenwoordig (4, p. 3).

Daar is verwys na die benadering wat in Nederlandse skole geld, naamlik dat die beroepskeusegebeure nie 'n eenmalige gebeurte=nis is nie, maar in die loop van tyd voltrek word. Dit gaan gepaard met "de rijping van de persoonlijkheid" en ".... de verwerving van kennis: kennis van opleidingsmogelijkheden en van de mogelijkheden, die de maatschappij in de vorm van be=roepentaken en functies biedt" (22, p. 58). Die juiste posisie van die skooldekaan in die skool moet teen hierdie agtergrond gesien word. Hy word naamlik beskou as "een voorziening, die een schoolgemeenschap aansluiting geeft op een informatiestroom, een stroom van beroepen- en studie-informatie" (22, p. 58). Dit beteken nie dat die skooldekaan in die skool geplaas is uitsluitlik vir die doel van beroepsvoorligting nie; hy be=vorder ook selfstandigheid en verantwoordelikheid by leerlinge; hy is dus ook in 'n mindere mate beroepskeuse-adviseur.

c. <u>Opleiding van skooldekane</u>

Die opleiding van skooldekane vir skole vir hoër algemene voortgesette en voorbereidende wetenskaplike onderwys word tans behartig deur die "Contactcentrum Bedrijfsleven-Onderwijs" in samewerking met die "Landelijke Commissie voor de Acade=mische Studievoorlichting" te Woudschoten (30, p. 122). Die opleiding word sedert 1961 aangebied en het sedertdien nie veel wysigings ondergaan nie. Dit is nie 'n uitgebreide kursus nie, maar behels altesaam vyf tot ses dae wat gewoonlik op agter=eenvolgende Woensdae aangebied word. In die kursus word ver=skillende temas behandel (30, p. 123), waaronder die praktyk van skooldekanaat, gesprekstegniek, oordrag van inligting, hantering en interpretasie van eenvoudige toetsmateriaal, in=leiding oor psigologiese ondersoeke, beroepskeuse, die wêreld van beroepe, vervolgonderwys, die verhouding leerling-skooldekaan, vroeë skoolverlating, inskakeling van en samewerking met des=kundiges, werkwyses van beroepskeuseburo's en literatuur en dokumentasie. Hierdie kursus word jaarliks herhaal.

Die opleiding van skooldekane vir skole vir middelbare algemene voortgesette onderwys verloop basies dieselfde behalwe dat dit vir agt agtereenvolgende Donderdae aangebied word deur "de Academie voor School- en Beroepskeuzewerk" op verskillende plekke in Nederland (32, p. 91). Altesaam omvat die kursus 48 lesse wat as volg gevul word:

3 lesse – die taak van 'n skooldekaan

3 lesse – praktykervaring

3 lesse – gesprekvoering

3 lesse – Psigologie van beroepskeuse

6 lesse – Beroepskunde

6 lesse – kennis van opleidingsmoontlikhede

2 lesse – praktyk van skooldekanaat

18 lesse – praktiese opleiding

1 uur – tentamen

1 uur – evaluering

Die skooldekane vir sowel hoër algemene voortgesette en voor=bereidende wetenskaplike as middelbare algemene voortgesette onderwys ontvang 'n sertifikaat van bevoegdheid as hulle die kursusse kan slaag. Die opleiding is gratis. Benewens die basiese opleiding soos hierbo uiteengesit, ontvang skooldekane voortdurend indiensopleiding wat deur die "Nederlands Vereniging van Schooldekanen" in samewerking met ander instansies aange=bied word. Dit vind plaas 2-3 dae per maand vir 8 maande in 'n jaar. In hooftrekke bevat hierdie tipe opleiding

(1) kursusse wat deur die "Contactcentrum Bedrijfsleven-Onderwijs" aangebied word

(2) naskolingskursusse

(3) bywoning van byeenkomste

(4) bywoning van konferensies en

(5) selfstandige byhou van vakliteratuur.

d. <u>Die taak van die skooldekaan</u>

Die skooldekaan se taak kan onder die volgende drie hoofde (37, pp. 156-157) saamgevat word:

(1) Groepsvoorligting aan leerlinge oor beroeps- en studie= moontlikhede: Dit word aangebied op grond van versoeke deur leerlinge en/of ouers. Die beroepswêreld word in breë trekke behandel, waarna hy op die konsekwensies van 'n bepaalde keuse wys.

(2) Individuele en groepsvoorligting oor die keuse van vakpak= kette. Daar word in die besonder gewys op die verband tussen die keuse van 'n vakpakket en die persoonsmoontlik= hede van 'n kind, asook die verband daarvan met 'n be= paalde beroepsrigting.

(3) Individuele begeleiding en advies aan leerlinge oor die keuse van 'n vakpakket of beroep (29, p. 11).

Hierdie take moet gesien word binne die konteks van die Neder= landse Onderwysstruktuur waarbinne daar op streng formele wyse keusemomente geskep is. Dit is veral met die oog op hierdie momente dat die skooldekaan as begeleier baie prominent na vore tree (31, p. 147). Die momente waarna verwys word duik op

(1) aan die einde van die brugperiode;

(2) wanneer 'n keuse tussen die A- of B-studierigting gemaak moet word;

(3) wanneer vakpakkette gekies moet word, en

(4) by die keuse van 'n studie- en beroepsrigting.

Vervolgens word 'n kort toeligting gegee oor die verantwoorde= likhede van die skooldekaan ten aansien van elk van genoemde momente.

(1) <u>Verantwoordelikheid van die skooldekaan aan die einde van die brugperiode</u>

Leerlinge en hul ouers word ingelig oor die verskillende skool= tipes waaruit 'n keuse gemaak kan word. Leerlinge se aandag word veral gevestig op die moontlikheid van voortgesette studie na voltooiing van hul sekondêre skool-opleiding. Voordat 'n leerling finaal geadviseer word om na 'n bepaalde tipe skool te gaan, word die aanbevelings van die skooldekaan deeglik be= spreek deur 'n paneel van onderwysers wat almal gedurende die brugperiode met die besondere leerling gemoeid was.

(2) Verantwoordelikheid van die skooldekaan by die keuse tus= sen 'n A- of B-studierigting

Leerlinge wat voor 'n A- of B-studierigtingkeuse te staan kom, het nie in die eerste plek 'n skoolkeuseprobleem nie, maar 'n beroepskeuseprobleem. Die skooldekaan behandel met hierdie leerlinge die konsekwensies wat elke studierigting inhou vir latere beroepskeuses. Dit is nie gerig op advies nie, maar bloot informatief. Leerlinge wat individuele hulp verlang, word òf na jeugkonsulente òf na beroepskeuse-adviseurs verwys.

(3) Verantwoordelikheid van die skooldekaan by die keuse van 'n vakpakket

In hierdie verband word daar onderskei tussen leerlinge wat reeds 'n skool- of beroepskeuse gedoen het, en diegene wat nog nie weet wat om na hul skoolopleiding te doen nie. Vir sover dit die eerste groep leerlinge betref, verduidelik die skooldekaan aan hulle welke vakpakkette die betrokke skole wat gekies is, aanbied en welke vakpakkette die beste aanklank sal vind by die beroepskeuse wat hulle gedoen het. Wat die tweede groep leerlinge betref, wys die skooldekaan hulle op al die moontlike konsekwensies wat 'n leerling se vakpakket inhou met betrekking tot beroepsmoontlikhede. Hierdie groep leerlinge word vir advies verwys na beroepskeuse-adviseurs.

(4) Verantwoordelikheid van die skooldekaan by 'n beroepskeuse

Die belangrikste funksie wat die skooldekaan in dié verband verrig, is die identifisering van potensiële vroeë skoolver= laters. Hierdie leerlinge word deur hom uitgeken en na beroeps= keuse-adviseurs en/of jeugkonsulente verwys. Gevalle waar daar egter net sprake is van skoolverwisseling, word deur die skool= dekaan self gehanteer.

Die studiejaar waarin laasgenoemde drie keuses gedoen moet word, hang af van die skooltipe waarin 'n leerling hom na die brugperiode bevind. In alle gevalle is dit egter duidelik dat die skooldekaan se hulp hoofsaaklik informatief van aard is. Die hoofdoelstelling van 'n skooldekaan is immers "to supply all the information and aid, desired and needed by the students, so that they themselves can make their educational and voca= tional choices with a reasonable estimate of the consequences and risks involved" (9, p. 5).

e. Die aard en inhoud van programme

Die skooldekaan neem as koördineerder en begeleier van alle voorligtingsaktiwiteite binne die skool 'n belangrike plek in. In die program wat die skooldekaan hanteer, word voorsiening gemaak vir voorbereidende, algemene oriënterende en gespesia= liseerde beroepsvoorligting. Hy is nie self verantwoordelik vir voorbereidende voorligting nie, omdat dit 'n saak is wat by die basisskool tuishoort, maar hy moet sorg dra dat die algemene oriënterende voorligting wat hy hoofsaaklik in groepsverband gedurende die brugperiode aanbied, deeglik aansluiting vind by voorbereidende voorligting. Met algemene oriënterende voor= ligting poog die skooldekaan om 'n oorsig te bied oor al die opleidingsmoontlikhede in Nederland asook die eise wat daarmee gepaard gaan. In die hoër klasse word merendeels gespesiali= seerde voorligting gegee en die aandeel van die skooldekaan is slegs om as koördineerder (27, p. 279) op te tree. Dit doen hy deur 'n professionele voorligter te vra om op 'n bepaalde tyd en plek, soos deur die dekaan gereël, leerlinge toe te spreek en van die gevraagde inligting te voorsien.

Voorts berus dit by die dekaan om leerlinge wat meer gespesiali= seerde hulp of inligting verlang, na ander instansies te verwys. In die skool beskik die skooldekaan oor uitgebreide inligtingsma= teriaal wat deur belangstellende leerlinge geraadpleeg kan word. Hy skakel voortdurend met die skoolhoof en klasonderwysers oor sake wat leerlinge raak.

Die volgende volledig uitgewerkte program is voorgestel en ge= deeltelik word dit ook toegepas (31, pp. 147-148):

(1) Algemeen

- 'n weeklikse spreekuur
- byhou van dokumentasie, administrasie, studie, konfe= rensies, verenigingsaktiwiteite
- besprekings met binneskoolse kontakte (skoolhoof, on= derwysers, ouerkommissies, administratiewe personeel)
- besprekings met buiteskoolse kontakte
- jaarlikse verslaggewing oor sy werksaamhede.

(2) Per klas (vir alle klasse)

- evaluering van die waarnemings van onderwysers soos in onderwysersvergaderings genoem
- besprekings met klasonderwysers
- groepbesprekings met leerlinge en/of ouers oor keuse= beslissings, studieresultate, interne skoolorganisasie
- voorligting oor en hulp ten aansien van studietoelaes
- huisbesoek (slegs op versoek).

(3) Per klas (net vir sommige)

- hulp aan deskundiges by die afneem van toetse
- hulp met die interpretasie daarvan
- afneem van eenvoudige toetse (om te dien as agtergrond vir gesprekke)
- vra na leerlinge se belangstellings met betrekking tot studie- en beroepsrigting
- administratiewe werk.

(4) Per klas

(a) Brugperiode

- kennismaking met leerlinge en ouers
- inligting oor die inhoud van en onderlinge samehang tussen verskillende vakke
- inligting oor keusemoontlikhede na die brug= periode en die konsekwensies daarvan
- opvolgwerk na aanleiding van basisskool.

(b) Periode tot met keuse tussen A- en B-studierigting

- voorligting oor die algemene indeling van beroepe

- inligting oor die implikasies van studierigting vir keuse van vakpakket

- hulp by verandering van skool.

Die meeste skooldekane het 'n kantoor met 'n telefoon en klerklike hulp vir die administrasie, waaronder die versameling van inligtingstukke en die byhou van 'n kaartstelsel waarin besonderhede oor leerlinge opgeteken word.

3.4 SKOOLBEGELEIDINGSDIENSTE

Die begrip skoolbegeleidingsdienste (24, pp. 121-123) word dik= wels in die literatuur vervang deur skoolversorgingsdienste. Dit wil voorkom of die verskil in naamgewing te wyte is aan die verskillende wyses van beklemtoning van dieselfde tipe diens. Dit dui egter op dieselfde saak, naamlik 'n groep dien= ste wat onafhanklik van die onderwysstruktuur staan, maar sy aktiwiteite op die leerling in die skoolsituasie rig. Hulle werk op multi-dissiplinêre vlak saam en sluit die volgende in:

(1) Skoolpsigologiese werk

Die skoolpsigoloog (25, pp. 164-165) hou hom veral besig met skoolgereedheidsprobleme, aanpassingsprobleme op skool, leer= probleme en die groepsgewyse psigologiese ondersoek van leer= linge.

(2) Skoolpedagogies-didaktiese werk

Die pedagoog-didaktikus (36, p. 50) adviseer leerlinge met be= trekking tot pedagogiese en didaktiese aangeleenthede. Voorts is hy voortdurend besig om didaktiese materiaal vir die skole te ontwikkel en uit te toets en adviseer hy ook skole met be= trekking tot nuwe onderwysmetodes.

(3) Skoolmaatskaplike werk (26, p. 173)

Die skoolmaatskaplike werker (25, p. 165) konsentreer op pro= bleme van sosiale aard wat binne of buite die skool ontstaan. Gesinswerk maak 'n groot deel van hul werk uit.

(4) Korrektiewe onderwys (25, p. 166)

Die "remedial teacher" is 'n deskundige wat gespesialiseerde didaktiese hulp verleen aan leerlinge wat in bepaalde vakke nie aan die verwagtinge voldoen nie, of selfs geen vordering toon nie en ook nie vir buitengewone onderwys in aanmerking kom nie.

(5) Ander aktiwiteite (Randdienste)

Dit behels tandversorging en logopediese dienste wat vir die doel van hierdie studie nie verder toegelig sal word nie.

## 3.5 PRIVAAT PSIGOLOGIESE INSTITUTE

Hierdie institute word deur een of meer psigoloë op eie ini= siatief gestig en aan die gang gehou. Beroepskeusevoorligting vorm slegs 'n deel van hul werksaamhede omdat hulle in die reël op wins ingestel is en veral sake soos personeelkeuring, bedryfspsigologiese en individueel-psigologiese advies hanteer. Vir die doel van hierdie studie word daar nie verder oor hier= die institute uitgebrei nie.

## 3.6 PERSPEKTIEF

In hierdie hoofstuk is gepoog om die verskillende voorligtings= dienste in Nederland wat hulle tot skoolgaande jeugdiges wend, te beskryf. Dit het geblyk dat skoolvoorligting in Nederland veral deur drie instansies behartig word, te wete Arbeidsburo's, Besondere Beroepskeuseburo's en skooldekane. Wat besonder opgeval het, was die feit dat al drie genoemde instansies hulle hoofsaaklik tot leerlinge aan sekondêre skole wend, terwyl primêre skool-leerlinge oorwegend deur die skoolbegeleidings= dienste bedien word.

In die volgende hoofstuk sal aangetoon word in welke mate elk van genoemde dienste in hulle doelstellings, organisasie, opleidings- en voorligtingsprogramme voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting.

# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTING

## 4.1 INLEIDING

Tot dusver in hierdie verslag is slegs 'n feitelike beskrywing aangebied van die voorligtingstelsel(s) van die betrokke land. Dit is gedoen met verwysing na die onderwysbeleid en daarmee gepaardgaande onderwysstelsel sodat die plek en waarde van die voorligtingsdiens(te) daarmee duideliker in perspektief gestel kan word. Dit was deurgaans die bedoeling om die be= sonderhede so volledig moontlik weer te gee sonder om na bepaalde vooropgestelde sake te soek wat daarin mag voorkom. In hierdie hoofstuk word bepaalde sake verbesonder wat nie alleen as basis vir vergelyking van die verskillende lande se stel= sels met mekaar sal dien nie, maar ook gebruik sal word om vas te stel in welke mate elk van die stelsels voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting. Die verbesondering van laasgenoemde drie sake is nie sonder rede nie. Die logiese band wat tussen persoonskennis (selfkennis), onderwys en die beroepswerklikheid bestaan, stel nie alleen die moontlikheid nie, maar ook die noodwendigheid van 'n skool= voorligtingspraktyk in vooruitsig. 'n Verantwoordelike en verantwoordbare keuse (onderwyskeuse, beroepskeuse) is per slot van rekening niks anders nie as 'n sintese tussen dit wat 'n persoon (leerling) is en dit wat as (alternatiewe) keuse aan hom voorgehou word. Die keuse wat 'n leerling doen, doen hy altyd in die lig van wat hy is (persoonsmoontlikhede) en wat die alternatiewe (beroeps- of onderwysmoontlikhede) te bied het. In skoolvoorligting gaan dit in essensie dus om voorlig= ting of hulp aan 'n leerling ten aansien van dit wat hy is en behoort te wees (persoonsvoorligting) en dit waarop hy 'n antwoord moet gee (onderwys- en beroepskeuse). Dit spreek vanself dat die kwaliteit van kennis van genoemde sake mede= bepalend gaan wees vir die kwaliteit van keuse wat 'n leerling eventueel gaan maak. Anders gestel, hoe meer 'n kind besef wat sy persoonsmoontlikhede of tekortkominge is, en hoe meer inligting hy oor onderwys- en beroepsmoontlikhede tot sy be= skikking het, hoe meer verantwoordelik en verantwoordbaar kan hy ten aansien daarvan stelling inneem. Die omgekeerde hier= van is ewe waar. 'n Leerling wat in die onderwyssituasie nie aan die verwagtinge voldoen nie, of wie se (beroeps-) toekoms=

perspektief verduister is, of wie se opvoeding nie toereikend verwerklik is nie, sal nie sonder meer tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare keuse in staat wees nie.

Wanneer persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting en alles wat daarmee saamhang as aangeleenthede van skoolvoor= ligting verbesonder word, is die bedoeling nie om die totale onderwys en opvoeding van die kind daarmee vir skoolvoorlig= ting op te eis nie. Skoolvoorligting is en bly in die laaste instansie 'n saak van opvoeding, maar dan opvoeding ten aansien van veral sedelik selfstandige keuse- en besluitvorming vir sover dit die beroepswêreld betref. Die sentrale doel= stelling by enige skoolvoorligtingspraktyk wat nie sy terrein wil oorskry nie, kan dus niks anders wees as begeleiding van 'n kind tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroeps= keuse wat op sy beurt 'n manifestasie van die moontlikheid tot sedelik selfstandige besluitvorming is nie.

Teen hierdie agtergrond word die voorligtingstelsels van die betrokke lande in hierdie slothoofstuk bekyk. In hierdie hoofstuk gaan dit nou om 'n doelgerigte soeke na bepaalde as= pekte in die stelsels om vas te stel in welke mate voorsiening gemaak word vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoor= ligting. Die bepaalde aspekte waarna verwys is, is:

a. Die doel met skoolvoorligting.

b. Beheer en organisasie van die skoolvoorligtingsdiens.

c. Die opleiding van personeel verbonde aan die skool= voorligtingsdiens.

d. Die aard en inhoud van die skoolvoorligtingsprogramme.

## 4.2 DIE DOELSTELLINGS MET SKOOLVOORLIGTING

Soos in die vorige hoofstuk baie duidelik aangetoon is, word skoolvoorligting in Nederland hoofsaaklik deur drie instansies behartig, te wete "Gewestelijke" Arbeidsburo's, Besondere Beroepskeuseburo's en die Skooldekanaat. Eersgenoemde twee is nie-onderwysinstansies, terwyl die Skooldekanaat struktu= reel deel van die onderwysstelsel uitmaak. In hierdie hoof= stuk sal aangetoon word in hoeverre elk van genoemde instan= sies in die formulering van hul doelstellings voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting.

### 4.2.1 Skoolvoorligtingsdoelstellings en onderwysvoorligting

In hoofstuk twee is gewys op die mate van invloed wat die Wet op Voortgesette Onderwys (Mammoetwet) op voorligtingsdienste in Nederland in die algemeen gehad het. Dit het naamlik die be= hoefte aan beroeps- en studievoorligting laat toeneem omdat die gewysigde onderwysstruktuur die aandag baie prominent op die gekompliseerdheid van die beroepswêreld gevestig het (para= graaf 2.1). Behoorlike onderwysvoorligting het meer as ooit tevore 'n noodsaaklikheid geword. Dit het nie alleen die aan= dag op sekere leemtes in die bestaande voorligtingsdienste gevestig nie, maar ook sekere vernuwings in die hand gewerk. Die heel nuutste hiervan is ongetwyfeld die nuwe gedaante van die Arbeidsburo's wat algemeen genoem word "Arbeidsburo-Nieuwe Stijl" (21).

Met die formulering van die beleid vir die Arbeidsburo's word dit duidelik gestel dat die beroepskeuse-adviseur "evenzeer schoolkeuze-adviseur als beroepskeuze-adviseur" (3) is. Daarmee word bedoel dat die diens nie beperk word tot beroeps= voorligting nie, maar onderwysvoorligting as 'n aanloop tot latere beroepsvoorligting beskou. Uit 'n ontleding van die werksaamhede van die Arbeidsburo's kan die afleiding gemaak word dat onderwysvoorligting 'n baie belangrike posisie inneem (paragraaf 3.2.1). Dit het uit hoofstuk 3 duidelik geblyk dat die Arbeidsburo's hulle ten doel stel om leerlinge te help wat hulle ten aansien van bepaalde studierigtings op sekondêre skole vasloop. Dit gaan nie net om advies ten aansien van 'n geskikte studierigting of 'n skoolkeuse nie, maar ook om leerlinge met leerprobleme.

Na die brugperiode moet leerlinge noodwendig 'n skoolkeuse doen wat impliseer dat 'n keuse ook ten opsigte van verskillende vakpakkette gedoen moet word. Daar word vry algemeen in Nederland besef dat leerlinge teen hierdie tyd nog nie met verantwoordelikheid kan kies nie en daarom stel Arbeidsburo's hulle ten doel om ook hier 'n bydrae te lewer. Hulp ten aan= sien van die keuse van vakpakkette is egter 'n heel resente ontwikkeling (paragraaf 3.2.1) wat 'n noodsaaklikheid geword het omdat die keuse van 'n vakpakket ".... niet alleen afhanke= lijk (is) van wat de leerling op dat moment interesseert, maar heeft ook te maken met zijn toekomstplannen" (3, p. 2).

'n Laaste doelstelling vir sover dit die Arbeidsburo's betref, is om voortdurend noue skakeling met die skooldekanaat te handhaaf (par. 3.3.3). Arbeidsburo's voorsien nie alleen

skooldekane van 'n groot deel van onderwysinligting nie, maar maak sodoende ook seker dat voorligting aan leerlinge 'n bepaalde kontinuïteit verkry.

Besondere Beroepskeuse-adviseurs is eweveel gemoeid met onderwysvoorligting. Wesentlik kan daar nie 'n onderskeid gemaak word tussen die doelstellings van die Arbeidsburo's en dié van Besondere Beroepskeuseburo's nie, behalwe vir die feit dat laasgenoemde hulle beperk tot skole met 'n bepaalde lewensbeskouing. Vir sover dit Besondere Beroepskeuseburo's betref, val dit op dat daar veral op leerlinge gekonsentreer word wat in die oorgangstadium is tussen die basisskool en sekondêre skole (paragraaf 3.2.2). Potensiële skoolverlaters daarenteen ontvang oorwegend hulp van die Arbeidsburo's. Voorts is Besondere Beroepskeuseburo's leerlinge in die sekondêre skool behulpsaam met die keuse van vakpakkette, terwyl diegene wat leer- of studieprobleme het in 'n mindere mate deur hierdie buro's gehelp word (paragraaf 3.2.2). Dit is weer 'n saak vir onderwysbegeleidingsdienste.

Die skooldekaan wat midde in die onderwyspraktyk staan se primêre doelstelling is onderwysvoorligting aan sekondêre skool-leerlinge. In die reël koördineer hy onderwysvoorligting wat deur Arbeidsburo's en Besondere Beroepskeuseburo's gegee word (paragraaf 3.3.3). Hy gee inderdaad voorligting aan leerlinge ten opsigte van die keuse van skool- en vakpakkette, maar gevalle wat enigsins problematies is, word na deskundiges buite die onderwys verwys.

### 4.2.2 Skoolvoorligting en Persoonstruktuurvoorligting

Persoonstruktuurvoorligting word nêrens as 'n formele doelstelling geformuleer nie, hoewel dit as 'n saak van groot belang beskou word. Trouens, die teenwoordigheid van psigoloë aan sowel Arbeidsburo's as Besondere Beroepskeuseburo's dui baie duidelik daarop dat persoonstruktuurvoorligting, met alles wat dit behels, as 'n essensiële komponent van 'n doeltreffende skoolvoorligtingspraktyk beskou word.

Arbeidsburo's bied persoonstruktuurvoorligting as 'n integrerende deel van beroepskeusevoorligting aan. Die aandag val veral op persoonsmoontlikhede en die betekenis daarvan vir die keuse van 'n onderwys- en beroepsrigting. Leerlinge met persoonsprobleme ontvang individuele aandag van deskundiges (psigoloë) en vir sover dit leerlinge van die basisskool betref, is dit 'n saak van die onderwysbegeleidingsdienste (paragraaf 3.2.1).

Die skooldekaan gee slegs in elementêre sin persoonstruktuur= voorligting, maar sy belangrikste taak in dié verband is om leerlinge met probleme uit te ken en na deskundiges te verwys.

### 4.2.3 Skoolvoorligting en Beroepsvoorligting

Dit ly geen twyfel nie dat beroepsvoorligting as die primêre komponent van skoolvoorligting beskou word. Die werksaamhede van Arbeidsburo's, Besondere Beroepskeuseburo's en die Skool= dekanaat kulmineer eventueel in begeleiding tot 'n verantwoor= delike en verantwoordbare beroepskeuse.

Die doelstellings ten opsigte van beroepsvoorligting by al drie genoemde instansies kan in twee hoofpunte saamgevat word (paragraaf 3.2):

(1) Begeleiding van leerlinge by wyse van beroepskeusevoor= ligting.

(2) Inligting aan leerlinge by wyse van beroepsvoorligting.

Dit val op dat sowel die begeleidings- as inligtingsfunksie as professionele aangeleenthede beskou word en derhalwe word beide deur twee tipes deskundiges gehanteer, maar steeds in noue skakeling met mekaar. Die begeleiding van leerlinge beteken inderdaad dat individuele advies verstrek word, terwyl die gee van inligting nie noodwendig met advies gepaard gaan nie. In hierdie opsig val dit saam met die differensiasie van voorligting in voorbereidende, algemeen oriënterende en gespe= sialiseerde voorligting (paragraaf 3.2). In al drie die fases is daar sprake van advies en inligting, maar by gespesiali= seerde voorligting gaan dit primêr om gespesialiseerde inlig= ting.

Samevattend blyk dit dus dat hoewel onderwys- en persoonstruk= tuurvoorligting as doelstellings van skoolvoorligting deur= gaan, die klem hoofsaaklik op beroepsvoorligting val. Vir die skooldekaan en Besondere Beroepskeuseburo's beteken dit gewoonlik die einde van hul skoolvoorligtingsaktiwiteite, maar die Arbeidsburo's het op 'n veel wyer terrein ook nog met voorligting te doen, byvoorbeeld met die plasing van jeugdiges in 'n beroep, nasorgwerk, en so meer.

## 4.3 DIE BEHEER EN ORGANISASIE VAN SKOOLVOORLIGTINGSDIENSTE

By die deurlees van die vorige twee hoofstukke moes dit duide=lik opgeval het dat die georganiseerde voorligtingsdienste in Nederland oorwegend 'n saak van die Ministerie van Sosiale Sake is. Die onderwys daarenteen val onder die jurisdiksie van die Ministerie van Onderwys en Wetenskap. Ten spyte hier=van blyk dat die doeltreffendheid van die voorligtings=dienste nie deur beleidsake aangetas word nie. Arbeidsburo's en Besondere Beroepskeuseburo's funksioneer outonoom (paragraaf 3.2) maar op so 'n wyse dat die belange van die onderwys voortdurend in ag geneem word. 'n Treffende bewys daarvan is die wyse waarop leerlinge tydens verskillende onderwysfases op die ondersteuning van hierdie voorligtings=dienste kan reken.

Wat by die Arbeidsburo's en in 'n mindere mate by Besondere Beroepskeuseburo's opgeval het, is die wyse waarop hul werk=saamhede in spesialiteitsdienste georganiseer is (paragrawe 3.3; 3.4). Beroepskeusevoorligting vorm byvoorbeeld 'n selfstandige dissipline van skoolvoorligting wat duidelik te onderskei is van beroepsvoorligting, omdat laasgenoemde 'n ander dissipline verteenwoordig. Elk van hierdie gespesiali=seerde funksies word so georganiseer dat 'n ander deskundige dit verrig. Beroepskeusevoorligting word deur beroepskeuse-adviseurs behartig, terwyl beroepsvoorligting die taak van jeugkonsulente is. Op hulle beurt verdeel elk van hierdie afdelings weer in afsonderlike afdelings, sodat die hoogste mate van deskundigheid altyd gewaarborg word.

Die skooldekaan daarenteen behartig albei funksies, hoewel sy primêre funksie onder die huidige omstandighede hoofsaaklik dié van koördinasie is (paragraaf 3.3). Problematiese gevalle word in elk geval na die betrokke deskundiges verwys. Oor die juiste posisie van die skooldekaan binne die skool bestaan daar in Nederland nog groot meningsverskille. Die beskouing van die "Nederlands Vereniging van schooldekanen" is dat die skooldekaan tot dusver te veel misken word.

Samevattend blyk dat die organisasie van voorligtingsdienste in Nederland nie alleen voorsiening maak vir persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting nie, maar dat dit ook die hoogste mate van deskundigheid ten aansien van elk van hierdie drie terreine probeer waarborg.

## 4.4 DIE OPLEIDING VAN PERSONEEL VERBONDE AAN SKOOLVOORLIGTINGS=DIENSTE

Aan die opleiding van personeel verbonde aan die Arbeidsburo's en Besondere Beroepskeuseburo's word hoë vereistes gestel. Vir-sover dit beroepskeuse-adviseurs betref (paragraaf 3.2.1), word uitgegaan van die veronderstelling dat hulle nie alleen met 'n mens as totaliteit werk nie, maar dat hulle ook met die totale beroepswerklikheid te doen het. Beroepskeuse-adviseurs is in die eerste plek daar om leerlinge (en volwassenes) te begelei tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse. Dit impliseer dat kliënte wat hulp nodig het, nie net ten aan=sien van 'n eenvoudige saak gehelp word nie, maar dat al die faktore wat daarmee saamhang, byvoorbeeld die sosiologiese, psigologiese, geregtelike, pedagogiese en politieke, aandag moet geniet. Hierdie sake kry reeds in die opleidingsprogram (paragraaf 3.2.1) van beroepskeuse-adviseurs die nodige aan=dag. Voorts word besondere waarde geheg aan praktykervaring, sodat in die 4-jarige opleidingsprogram ook daarvoor voorsiening gemaak word.

Jeugkonsulente daarenteen konsentreer hoofsaaklik op inligting. Daar word aanvaar dat 'n leerling wat gespesialiseerde beroeps=voorligting verlang, reeds deur die beroepskeuse-adviseur georiënteer is met betrekking tot al die ander faktore wat vir 'n skool- of beroepskeuse belangrik geag word. Die aandag word weer eens daarop gevestig dat die opleiding van personeel verbonde aan die voorligtingsdienste in Nederland, 'n bewys is van die hoë mate van deskundigheid waarmee voorligting behartig word.

Die opleiding van skooldekane (paragraaf 3.3.3) in vergelyking met dié van beroepskeuse-adviseurs blyk egter baie skraal te wees. Die skooldekaan word nog nie as 'n deskundige beskou nie en in sommige kringe word selfs aanbeveel dat hy deur 'n ander funksionaris vervang moet word. Die belangrikste deel van sy opleiding lê in sy basiese opleiding as onderwyser. Hy kwalifiseer as dekaan nie op grond van sy gespesialiseerde opleiding nie, maar op grond van sy funksie. Die opleiding as skooldekaan is nie diepgaande nie en ook van korte duur. In hooftrekke bestaan dit uit 'n reeks indiensopleidingspro=gramme wat van tyd tot tyd deur verskillende instansies aan=gebied word.

## 4.5 DIE AARD EN INHOUD VAN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAMME

Die aard en inhoud van skoolvoorligtingsprogramme van Arbeids=buro's en Besondere Beroepskeuseburo's stem in 'n baie groot mate ooreen. In albei tipes buro's sentreer die inhoud om veral onderwys- en beroepsvoorligting, hoewel daar ook voor=siening gemaak word vir persoonstruktuurvoorligting (paragraaf 3.2.1).

Die aard en inhoud van die programme steun op die opvatting dat die "beroepskeuzeprozes" berus op -

(1) kennis van die persoon op wie die advies betrekking het; en

(2) kennis van die beroepswêreld en opleidingsmoontlikhede.

Eersgenoemde vorm die inhoud van beroepskeusevoorligting, terwyl laasgenoemde 'n aangeleentheid van beroepsvoorligting is. Kennis van die persoon word verkry deur ondersoeke en gesprekke (individueel of in groepe), terwyl inligting oor die beroepswêreld en onderwys- en opleidingsmoontlikhede deur middel van 'n groot verskeidenheid media aangebied word.

## 4.6 SLOTOPMERKING

Uit hierdie verslag blyk dit baie duidelik dat die belangrikheid van skoolvoorligtingsdienste in Nederland goed besef word. Nie alleen deur owerheidsweë nie, maar ook deur middel van die private sektor word voorligtingsdienste daargestel, wat leerlinge vanaf die basisskool (primêre skool) tot leerlinge wat reeds nie meer skoolpligtig is nie, van die nodige raad en advies kan voor=sien. Hierdie raad en advies het betrekking op onderwys- en beroepskeuses, terwyl daar ook heelwat aandag aan persoonstruk=tuurvoorligting gegee word.

In die geheel gesien het hierdie studie oor die voorligtings=dienste in Nederland heelwat nuwe perspektiewe geopen, wat baie goed aangewend kan word om die skoolvoorligtingsdiens in die RSA tot voordeel te strek.

# L I T E R A T U U R L Y S


1. ABELES, Norman. Ontwikkeling van counseling- en bege= leiding op vwo-, havo- en mavo-scholen in Nederland. Enige suggesties. Pedagogische Studiën (49) 1972: 39-48.

2. ABELES, Norman. Some suggestions for the development of counseling and guidance in the secondary schools in the Netherlands. Final draft. Ongepubliseerde stuk. Mei 1969.

3. Academie voor School- en Beroepskeuzewerk. Prospectus tot Beroepskeuzeadviseur en medewerker bij de dienst arbeidsvoorziening. Studiejaar 1974-1975. Tilburg, November 1973.

4. GIESBERS, J. Differentiatie van leraarstaken: de schooldekaan als begeleider. Dekanoloog. 12 (1), Januarie 1975:1-4.

5. GROSFELD, J.A.M. en LINNARTZ, A.J.O. Een vergelijking van drie Amerikaanse computersystemen voor beroeps= keuzevoorlichting en toepasbaarheid in Nederland. Beroepskeuze 19(9), 1972: 222-243.

6. GROSFELD, J.A.M. en LINNARTZ, A.J.O. Een vergelijking van drie Amerikaanse computersystemen voor beroeps= keuzevoorlichting en toepasbaarheid in Nederland IV. Beroepskeuze 20(2 en 3), 1973: 33-38.

7. T'HART, G.H. Beroepenvoorlichting in Nederland. Educa= stem (5), 1971: 12-19.

8. HEEBING, J. Ch. et al. Discussienota over het werk van de beroepskeuzepsycholoog. Beroepskeuze 20(8), 1973: 209-219.

9. HEMPIG, C.J. Guidance and counselling in Dutch MAVO, HAVO and VWO Schools. Ongepubliseerde stuk.

10. Instituut voor sociaal-pedagogische opleidingen. Stichting voor opleiding tot sociale arbeid. Cursusjaar '74 - '75. Prospectus.

11. Ministerie van Buitenlandse Zaken Het koninkrijk der Nederlanden. Onderwijs en wetenschappen in Nederland. Feiten en cijfers over de Nederlandse samenleving 32. Jaargang 1970/1971.

12. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Organisatie van onderzoek, ontwikkeling en overdracht in het Nederlandse onderwijs in de periode 1920-1970. Docinform 268. Afdeling Documentatie, Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 's-Gravenhage, September 1971.

13. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Leerling=wezen. Wat is dat? Voor wie is dat? Voorlichtings=dienst van het Ministerie van Onderwijs en Wetenschap=pen. Maart 1974.

14. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Hoe het Nederlandse onderwijs in elkaar zit. Voorlichtings=dienst van het Ministerie van Onderwijs en Wetenschap=pen. Staatsdrukkerij (H. Govers), April 1974.

15. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Kaleidoscoop van het technisch onderwijs in Nederland. Voorlich=tingsdienst van het Ministerie van Onderwijs en Weten=schappen. Staatsuitgeverij te 's-Gravenhage, 1971.

16. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Schooladvies- en begeleidingswerk in Nederland. Docinform 276. Afdeling Documentatie, Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. 's-Gravenhage, Junie 1971.

17. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. Lager be=roepsonderwijs 4 jaar. Vierde gewijzigde druk. Voorlichtingsdienst van het Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen.

18. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen en Ministerie van Sociale Zaken. Gedeeltelijke leerplicht. Wanneer? Voor wie? Wat? Sesde gewijzigde druk. Maart 1974.

19. Ministerie van Sociale Zaken. Wegwijzer voor werkende jongeren. Derde druk. Stafafdeling Externe betrek=kingen, 's-Gravenhage.

20. Ministerie van Sociale Zaken. Scholingsvoorzieningen. Directoraat voor de arbeidsvoorziening Rijkswijk.

21. Ministerie van Sociale Zaken. Blauwdruk. Arbeidsbureau Nieuwe-Stijl. Stafafdeling externe betrekkingen. 's-Gravenhage, Julie 1973.

22. Ministerie van Sociale Zaken. Beroepenvoorlichting in Nederland. Rapport van de Raad voor de Beroepskeuze= voorlichting. Stafafdeling externe betrekkingen.

23. Ministerie van Sociale Zaken. Voorlichting bij beroeps= keuze in Nederland 1973. Stafafdeling externe betrek= kingen, Den Haag.

24. MOORLAG, J. De Schooladviesdienst I. Woord en School 2(4), 1971: 121-131.

25. MOORLAG, J. De Schooladviesdienst II. Woord en School 2(5), 1970: 164-171.

26. MOORLAG, J. Onderwijsadviescentrum in plaats van school= adviesdienst en Pedagogische Centrum. Woord en School 2(5), 1970: 173-174.

27. Overleg Centraal Comité Samenwerking Beroepskeuzevoor= lichting N.V.S. Beroepskeuze 20(10), 1973: 279-280.

28. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Pretoria). Ver= slag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel op Primêre en Sekondêre Skoolvlak met verwysing na Skool= voorligting as 'n geïntegreerde diens van die Onderwys= stelsel vir Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika. Deel I. Pretoria, 1970.

29. Rijksuniversiteit te Utrecht. Begeleiders op school. Pedagogisch-didaktische Instituut voor de Leraarsoplei= ding, Afdeling Begeleidingstaken. Utrecht, Januarie 1974.

30. ROOD, M.J. De Schooldekaan, begeleider naar 'lol in leren'. Dekanoloog 11 (5), Mei 1974: 119-122.

31. ROOD, M.J. De Schooldekaan, begeleider naar 'lol in leren'. Dekanoloog 11 (6), Junie 1974: 147-149.

32. ROOD, M.J. Jaarvergadering N.V.S. Toespraak drs. J. Rood. Dekanoloog 12(4), April 1975: 73-78.

33. ROSCAM ABBING, P.J. Beroepethiek van de beroepskeuze-adviseur. Beroepskeuze 20(5), Mei 1973: 119-133.

34. Stichting Centraal Comité Samenwerking Beroepskeuzevoor=lichting. Jaarverslag 1972. Beroepskeuze 20 (4), April 1973: 74-105.

35. Stichting Centraal Comité Samenwerking Beroepskeuzevoor=lichting. Jaarverslag 1973. Beroepskeuze 21 (2 en 3), Febr./Mrt. 1974: 37-62.

36. Studiecommissie Schoolbegeleidingsdiensten Overijssel. Schoolbegeleidingsdiensten in de Provincie Overijssel. Beroepskeuze 18 (2), 1971: 50-54.

37. VAN DER MEER, A.W. De dekaan van nu ......... de coun=selor van morgen? Dekanoloog 9(6), 1972: 156-159.

RGN PUBLIKASIES SEDERT 1 JULIE 1975

HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JULY 1975

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek=dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS / HISTORY

FERREIRA, O.J.O. Geschiedenis, Werken en Streven van S.P.E. Trichardt, Luitenant Kolonel der Vroegere Staats-Artillerie ZAR Door hemzelve beschreven. 1975. R7,60.

CHURCHOUSE, G. Genealogy Publication No. 4. The Reverend Francis McCleland, Colonial Chaplain to Port Elizabeth 1825 - 1853. A family history. 1976. R6,65.

ELOFF, C. Bronnepublikasie No. 4. Oorlogsdagboek van H.S. Oosterhagen. 1976. R3,35.

INLIGTING / INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 3 No. 3. Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. R5,50.

HUMANITAS - Vol. 3 No. 3. Journal for research in the human sciences. R5,50.

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.
ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis

IN-26 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes. RGN Voor=ligtingsreeks VR-7. 1976. R3,50.

IN-27 GEGGUS, C. Awards available for undergraduate study at South African universities for Whites. HSRC Guidance Series GS-7. 1976. R3,50.

KOMMUNIKASIE / COMMUNICATION

KOMM-6 BARNARD, H.J. Stereotiepe as sosiaalsielkundige ver= skynsel : 'n Literatuuroorsig. 1975. R4,75.

MANNEKRAG / MANPOWER

MM-52 WESSELS, D.M. Manpower requirements and utilization of women: the views of fifty employers in nine major industry groups. 1975. R1,70.

MM-53 BOSHOFF, F. Raming van die ekonomies bedrywige en totale bevolking van die Saldanhabaaigebied en die Saldanha= baaistadskompleks vir 1980 en 1990. 1975. R2,05.

MM-55 EBERSOHN, D. Die ingenieurs in die RSA. 1975. R2,15.

MM-56 VERMAAK, J.A. Die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA : Deel II. 1975. R5,95. (Statistiese bylae ingesluit).

MM-57 BOSHOFF, F. Raming van die Newcastle-gebied se ekonomies bedrywige en totale bevolking volgens beroepsgroep vir 1980. 1976. R1,15.

MM-58 WOLMARANS, C.P. Die arbeidsituasie en werkgesindheid van die Kleurlingman in die Kaapse Skiereiland. 1976. R3,20.

Talentopname / Talent Survey

MT-29 VAN ASWEGEN, I.G. 'n Empiriese ondersoek insake koëdukasie - enkelgeslagskole teenoor koëdskole. 1975. R2,80.

MT-30 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Research Findings - 1974. 1975. R1,20.

MT-31 VAN VUUREN, D.P. 'n Psigodiagnostiese studie van 'n groep leerlinge met beroepskeuseprobleme. 1975. R2,10.

MT-32 ENGELBRECHT, S.W.B. Akademiese prestasie van intellek= tueel bogemiddelde leerlinge - Deel vyf: 'n Vergelykende onder= soek van faktore wat verband hou met die eksamenprestasie van seuns en meisies. 1975. R1,90. (Uit druk).

MT-33 COETZEE, C.J.S. Handelsonderwys vir meisies: 'n Empiriese ondersoek. 1976. R2,80.

MT-34 BOTES, W.L. Wiskundige begaafdheid : 'n Empiriese onder= soek. 1976. R2,05.

NAVORSINGSONTWIKKELING / RESEARCH DEVELOPMENT

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.
RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Verskyn twee keer per jaar.
RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-index van Afgehandelde Navorsing 1969 - 1974. 1976.
Kwic Index of Completed Research 1969 - 1974. 1976.

OPVOEDKUNDE / EDUCATION

O-12 HAASBROEK, J.B. Aids in the school context. 1975. R1,40.

O-13 HUMAN, P.G. The aims of Mathematics instruction and the problems in connection with innovation in respect of the teaching of this subject in South Africa. 1975. R0,90.

O-16 ENGELBRECHT, S.W.H. The school textbook - a didactical-pedagogical study. 1975. R2,05

O-20 tot O-28 Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir leer= linge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekon= dêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwys= stelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika - Deel III :

O-20 to O-28 Report of the Committee for Differentiated Education and Guidance in connection with a national system of education for handicapped pupils at pre-primary, primary and secon= dary school level with reference to school guidance and other ancillary services as integrated services of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa: Part III :

O-20 Volume 1. ENGELBRECHT, S.W.H. 'n Nasionale onderwysstelsel vir serebraal gestremde leerlinge. 1975. R1,70.

O-20 Volume 1. ENGELBRECHT, S.W.H. A national system of education for cerebral palsied pupils. 1975. R1,35.

O-21 Volume 2. NEL, A. 'n Nasionale onderwysstelsel vir epileptiese leerlinge. 1975. R1,55.

O-21 Volume 2. NEL, A. A national system of education for epileptic pupils. 1976. R2,10.

O-22 Volume 3. VENTER, H.C.A. 'n Nasionale onderwysstelsel vir swaksiende leerlinge. 1975. R1,35.

O-22 Volume 3. VENTER, H.C.A. A national system of education for partially sighted pupils. 1975. R1,05.

O-23 Volume 4. GROENEWALD, F.P. 'n Nasionale onderwysstelsel vir blinde leerlinge. 1975. R3,25.

O-24 Volume 5. GOUWS, M. 'n Nasionale onderwysstelsel vir dowe leerlinge. 1975. R2,25.

O-24 Volume 5. GOUWS, M. A national system of education for deaf pupils. 1975. R1,60.

O-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. 'n Nasionale onderwysstelsel vir swakhorende leerlinge. 1975. R2,15.

O-25 Volume 6. LOMBAARD, S.G. A national system of education for hard-of-hearing pupils. 1976. R3,30.

O-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. 'n Nasionale onderwysstelsel vir liggaamlik gestremde leerlinge. 1975. R2,20

O-26 Volume 7. SPIES, P.G. VAN Z. A national system of education for physically handicapped pupils. 1976. R2,80.

O-27 Volume 8. MAAT, S.J. 'n Nasionale onderwysstelsel vir ver=standelik gestremde leerlinge. 1975. R2,10.

O-27 Volume 8. MAAT, S.J. A national system of education for mentally handicapped pupils. 1975. R1,80.

O-28 Volume 9. NEL, A. en STRYDOM, A.E. 'n Nasionale onderwys=stelsel vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge. 1975. R2,95.

O-28 Volume 9. NEL, A. and STRYDOM, A.E. A national system of education for pedagogically neglected (behaviourally deviant) pupils. 1975. R2,30.

O-33 ENGELBRECHT, S.W.H. Onderwys en skoolvoorligting vir serebraal gestremde leerlinge. 1975. R3,30.

O-34 NEL, A. Onderwys en skoolvoorligting vir epileptiese leerlinge. 1975. R2,35

O-35 VENTER, H.C.A. Onderwys en skoolvoorligting vir swaksiende leerlinge. 1975. R3,15.

O-36 GROENEWALD, F.P. Onderwys en skoolvoorligting vir blinde leerlinge. 1976. R6,80.

O-37 GOUWS, M. Onderwys en skoolvoorligting vir dowe leerlinge. 1975. R3,50

O-38 LOMBAARD, S.G. Onderwys en voorligting vir swakhorende leerlinge. 1975. R3,55

O-39 ENGELBRECHT, S.W.H. en SPIES, P.G. VAN Z. Onderwys en skoolvoorligting vir liggaamlik gestremde leerlinge. 1975. R2,45

O-40 MAAT, S.J. Onderwys en skoolvoorligting vir verstandelik gestremde leerlinge. 1975. R4,20

O-41 NEL, A. Onderwys en voorligting vir pedagogies verwaar= loosde (gedragsafwykende) leerlinge. 1976. R2,95

O-42 HATTINGH, D.L. Geprogrammeerde onderrig. 1975. R2,35

PSIGOMETRIKA / PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse - 1976. Gratis
Catalogue of tests - 1976. Gratis

P-10 ERASMUS, P.F. A survey of the literature on Bantu per= sonality with particular reference to TAT and Depth perception investigations. 1975. R2,20.

P-12 SWART, D.J. Design and standardization of the aptitude tests for school beginners. 1975. R3,50.

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE / SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY

S-36 GROENEWALD, D.C. Immi- en emigrasie in Suid-Afrika - Deel 1: 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte. 1975. R5,30.

S-38 VAN DER BURGH, C. Drugs and South African Youth. 1975. R2,05. (Out of print).

S-40 LÖTTER, J.M. and VAN TONDER, J.L. Aspects of fertility of Indian South Africans. 1975. R1,55.

STATISTIEK / STATISTICS

WS-15 STEENKAMP, C.J. Onderwystendense - Statistiek sedert 1910. $A_1$ Universiteite vir Blankes. 1975. R3,50.

TAAL, LETTERE EN KUNS / LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

TLK/L-4 HAUPTFLEISCH, T. Research into the position of the official languages in the educational system of Whites in South Africa. 1975. R2,95.

NAAMKUNDEREEKS NR. 4
ONOMASTICS SERIES NO. 4 RAPER, P.E. Pleknaamkundige Praktyk Toponymical Practice. 1975. R2,85.

GERDA FOURIE Bronnegids vir Musiek - 1971. Source Guide for Music - 1971. 1975. R7,15.

VAN DE GRAAF, J. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde 1972. Nuwe Reeks, Deel 3. 1975. R4,70.

RAPER, P.E. Bronnegids vir Toponimie en Topologie / Source guide for Toponymy and Topology. Naamkundereeks Nr. 5 / Onomastics Series No. 5. 1975. R15,00.

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD /
PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

OOSTHUIZEN, G.C. Pentecostal penetration into the Indian com= munity in metropolitan Durban, South Africa. HSRC Publication Series No. 52. University of Durban-Westville. 1975.

BADENHORST, H.J. Die leerwêreld van die Bantoekind as belewenis= wêreld. RGN Publikasiereeksno. 53. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria 0001. 1975.

DE VILLIERS, D.R. Teologiese opleiding vir Wit en Swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. RGN Publikasiereeksno. 54. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria 0001. 1975.

VAN WYK, W.C. (Ed) Studies in Old Testament Prophecy. Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika. Pro Rege, P.O. Box 343, Potchefstroom 2520. 1975.

KEMPFF, D. A bibliography of Calviniana 1959 - 1974. Institute for the Advancement of Calvinism, PU for CHE, Potchefstroom, 2520. R10,00.

STRASSBERGER, E. Ecumenism in South Africa, 1936 - 1960, with special reference to the Mission of the Church. 1974. South African Council of Churches, P.O. Box 31190, Braamfontein 2017.

ESTERHUYSEN, M. South Africa's First Gold Coin. 1976. National Cultural History and Open-Air Museum, Pretoria.

ESTERHUIZE, W.P. Wetenskap en Maatskappy. 1975. Publikasie=reeks van die Randse Afrikaanse Universiteit B6. Johannesburg.

...IOTEEK

ISBN 0 86965 343 1

V&R Pta.